



# Kompass



Jaargang 15 no. 6

Junie 2006

## Tema: Rouwerwering

- **Kinders en rouwerwering** ..... 2
- **Wanneer die dood tussenbeide kom: 'n persoonlike belewenis** ..... 4
- **Waarborg van ons salige opstanding - oor die waarde van Christus se opstanding** ..... 6
- Die grafte jubel ..... 7
- En as ek sterwe ..... 8
- Die missionêre kerk (4): Hier gebeur dinge ... 9
- Kort verslag van die voortgesette sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika gehou op 18 Maart 2006 te VGK Pretoria-Maranata ..... 12
- Ondersteuning van kinders in rou ..... 13
- Vier 'n geestelike feesmaal (Slot) - die viering van die nagmaal op Goeie Vrydag ..... 15
- Tugbeoefening in die Gereformeerde Skool (II) ..... 13
- Sinode Amersfoort 2005 van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrygemaak) ..... 19
- Efesiërs: Loflied op Christus en sy kerk . 22

## Wat buig jy jou neer, o my siel...

Rouwerwering ... nie 'n onbelangrike tema nie. Inteendeel, ek is van mening dat die redaksie van Kompass baie goed daaraan gedoen het om hierdie tema aan die orde te stel. Dink jousef in: jou man of vrou sterf ... miskien selfs skielik! Stel jousef voor: jy kry die berig dat jou seun of dogter oorlede is. Hoe gaan ons om met sulke nuus? Hoe verwerk jy die impak wat hierdie nuus op jou liggaam en gees het? Is daar 'n resep vir suksesvolle rouwerwering?

Een van die aspekte wat my bygebly het in my nadenke en -lees oor hierdie onderwerp, is die rol van musiek in rouwerwering. Veral na aanleiding van 'n aanhaling van die Roomse musikoloog Casper Höweler (vrylik vertaal): *"Dit is tekenend vir die Protestantisme dat dit die troos van die musiek in ure van rou afwys. Naas die tallose Requiem-komposisies van Katolieke meesters, staan 'Ein Deutsches Requiem' van Brahms as 'n merkwaardige uitsondering."*

Addisioneel kan ons nog wys op Schütz se 'Musikalische Exequien' wat spesifiek vir 'n begrafnis gekomponeer is. Maar dit is ongeveer waar dit stop ... In hooftrekke is die tweede deel van Höweler se uitspraak dus waar.

Maar wat is die rede hiervoor? Is Höweler miskien reg dat protestante, en spesifiek die gereformeerdes onder hulle, musiek afwys in ure van rou? Is die gebrek aan aparte roumusiek 'n teken van armoede onder gereformeerdes?

Ek sou eerder die teendeel wil beweer: ons kan in die gebrek aan aparte roumusiek 'n teken van ons rykdom sien! Hierdie gebrek aan gekomponeerde roumusiek is immers vir 'n groot deel te wyte aan die feit dat kinders van die Here deur alle eeue heen onuitputlike krag gevind het in die *psalms*.

Vir gelowiges was die psalms in die praktyk van elke dag 'n onmisbare deel in die verwerking van die hartseer wat die Here oor hul lewens laat kom het.

Dink maar aan die driemaal herhaalde refrein uit Psalm 42 en 43: "Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesing en my God!" Wat van Psalm 69: "Ek het ook 'n rougewaad my kleding gemaak en vir hulle 'n spreekwoord geword ... Maar ek – my gebed is tot U, o HERE: in die tyd van genade, o God, verhoor my deur die grootheid van u goeder-tierenheid, deur die trou van u heil!"? En selfs in Psalm 88, daardie psalm wat oënskynlik slegs spreek van groot donkerheid, begin die digter tog met: "HERE, God van my heil ..." En as laaste voorbeeld Psalm 142: "Ek stort my klagte uit voor sy aangesig; ek maak voor sy aangesig my nood bekend. As my gees in my versmag, dan ken U my pad ..."

Gereformeerdes wys roumusiek af? Jy sal die kerk van alle eeue teen jou kry as jy dit beweer. Nee, die gelowiges het nog altyd die rykdom van die *psalms* aangegryp in tye van verdriet en rou. Die psalms is immers so propvol lewensegte emosies, so vol van die vrae wat ons ook stel, so oorlaai met al die hartseer, moeites, vrese en twyfels wat ons ook ken. Daarom kan Calvyn die psalms ook baie gepas "n anatomie van alle dele van die siel" noem, want daar is géén emosie wat nie in die psalms, soos in 'n spieël, aan ons voorgestel word nie. Al singende leer ons onself ken, al singende leer ons 'n greep kry op ons omstandighede, al singende leer ons die Vaderskap van God ken. Al singende – persoonlik, in die nag wanneer almal slaap, maar ook gesamentlik as gemeente.

# KINDERS EN ROUVERWERKING

Heleen Snijder

## TEMA: ROUVERWERKING

Dis nou 22 jaar dat ek in Pretoria woon. In al die jare was daar heelwat sterftes. By die sterfgevalle was daar altyd kinders betrokke. Dit was dalk hulle oupa of ouma, een van hulle ouers, 'n bababoetie of -sussie, 'n boetie of sussie, of 'n maatjie van skool. Dit het verdriet by die kinders veroorsaak, wat hulle moes verwerk. As 'n maatjie van skool sterf, is dit vir 'n gesin makliker om die kind in hul verdriet op te vang. As iemand uit die gesin sterf, is die hele gesin in rou gedompel en is dit baie moeiliker om 'n kind in sy verdriet op te vang.

Dis belangrik dat ons almal 'n insig het hoe kinders 'n sterfgeval verwerk. Dalk moet ons eendag ons eie kind help om so 'n verdriet te verwerk, of dalk kan ons 'n kind uit die gemeente help, omdat sy ouers self swaarkry in hulle verdriet.

Ek wil eers teruggaan na die opvoeding in die algemeen. Prof dr J Waterink gee 'n mooi definisie oor opvoeding, naamlik: Opvoeding is die vorming van 'n mens tot 'n selfstandige persoonlikheid, wat God

As gereformeerdes besit ons die mooiste roumusiek! Geen **requiems** van musikale meesters nie, maar wel **requies** (rus) van ons groot Meester in die rykdom van die psalms. Laat ons daarom die psalms lees, laat ons hulle sing in ons gesinne en in die gemeentes, laat ons hulle uit ons koppe leer – vir daardie tye wanneer jy skielik troos nodig het, skielik nodig het om jou emosies te uiter, maar jy nie die woorde daarvoor het nie. Dan gee die Here aan jou die woorde van Dawid en Asaf en die kinders van Korag – gewone mense. Dan gee Hy aan jou sy eie woorde!

*Ds Erik van Alten*

volgens sy Woord wil dien. Hierdie mens sal dan bereid en geskik wees om al die gawes wat hy van God ontvang het, tot God se eer en tot heil van sy naaste te gebruik.

Ek wil twee punte uit hierdie definisie benadruk.

### **1. Ons moet kinders tot 'n selfstandige persoonlikheid opvoed.**

Ons is dikwels geneig om ons kinders te oorbeskerm. Wanneer die kind bv. huil by die oppasdiens, bring ons die kind maar liewers nie meer nie. Dit is verstaanbaar, maar nie altyd verstandig nie. Die gevolg kan wees dat die kind so aan ons geheg raak dat hy sonder ons onseker raak. So 'n kind leer dus nie om selfstandig te word nie. Wanneer so 'n kind een van sy ouers sou verloor, kry hy nog swaarder as die kind wat geleer het om selfstandig te wees.

### **2. Uit hierdie definisie leer ons ook dat geloofsoopvoeding belangrik is.**

In ons geloofsoopvoeding moet ons ook oor die dood praat. Die kind moet weet dat die dood a.g.v. die sondeval in die wêreld gekom het. Maar ook dat God sy Seun as Verlosser gestuur het. By die dood is daar 'n troos. Wanneer ons kind dan in aanraking kom met die dood, het hy daardie kennis. Hy wil dit waarskynlik op daardie oomblik nie hoor nie, maar die basis "God is my Vader en ek is altyd in sy hand" is reeds in die onderbewussyn van die kind aanwesig.

U kan elders in hierdie Kompas 'n vertaalde artikel van Marja Bos-Meeuwsen lees oor hoe 'n kind reageer op 'n sterfgeval. Ek gaan nie verder daarop in nie.

Rouverwerking is 'n proses wat 'n mens in verskillende fases kan verdeel. Dis eintlik harde werk. Die fases kan vergelyk word met take wat voltooi moet word om op die ou end die verdriet te verwerk. Dit kan

gebeur dat 'n bepaalde taak voltooi word, maar dat daar later 'n terugval is en weer aan dieselfde taak gewerk moet word.

Die volgende routake kan onderskei word:

### **1. Die aanvaarding van die werklikheid van die verlies.**

As jy nie aanvaar dat 'n bepaalde persoon oorlede is nie, kan jy dit ook nie verwerk nie. Daarom is dit belangrik om van die oorledene afskeid te neem. Kinders is geneig om 'n fantasiewêreld op te bou waarin die persoon nog leef. Hulle voer bv. hele gesprekke met die persoon. Hoewel dit normaal en verstaanbaar is, is wysheid nodig om dit na die werklikheid om te swaai. Alleen dan kan 'n mens met die volgende routaak begin. Om 'n kind met hierdie taak te help, moet 'n mens duidelik vertel wat gebeur het. As die situasie vir die kind vaag en onduidelik is, raak die kind onseker en begin hy om allerhande snaakse goed oor die gebeure te fantaseer.

### **2. Die ervaring van pyn en verlies.**

Verdriet mag en moet geuiter word. Tog voel kinders en tieners soms 'n ruk lank amper niks nie. Dit is normaal; dit kan vergelyk word met 'n natuurlike selfbeskerming. Verdriet kan op verskillende maniere tot uiting kom. 'n Kind se emosies wissel vinniger as dié van 'n volwassene. Hulle kan baie hartseer wees, dan skielik weer gaan speel en 'n paar uur later weer 'n uitbarsting hê. Ons moet oppas dat ons nie dink nie: die kind speel, dus die verdriet is verby. 'n Volwassene sal homself in sy werk begrawe. Vir 'n kind egter is speel wat werk vir 'n volwassene is. Die kind gaan speel om sy gevoelens weg te steek. Om kinders met hierdie taak te help, moet ons vir hulle duidelik maak dat hulle kwaad en hartseer mag wees. Praat oor die verdriet, maar moenie dat die kind hom in sy eie wêreld terugtrek nie.

### **3. Aanpassing by die omgewing sonder die oorledene.**

Die kind het sy unieke verhouding



met die oorledene gehad. Dalk was dit 'n maatjie by die skool. Hulle het altyd saamgespeel en nou kan dit nie meer nie. Dit help om konkreet met die kind hieroor te praat. 'n Mens kan die kind ook laat teken dit wat hy dikwels saam met die oorledene gedoen het. Noudat die maatjie weg is, is daar 'n gemis. Die kind moet leer om dit te aanvaar. Dalk gaan daar later nuwe maatjies wees wat die leë plek volmaak, maar dit kan ook wees dat die plek altyd leeg bly.

#### **4. Gee 'n nuwe plek aan die oorledene en leer opnuut om weer van die lewe te hou.**

Dit is 'n baie moeilike taak. Baie voel skuldig wanneer hulle nie meer elke dag aan die geliefde dink nie. Dit beteken nie dat hulle nie meer van die persoon hou nie, maar die intensiteit van die band word anders. Daar kom weer emosionele energie vir ander sake.

'n Mens kan nie sê hoe lank dit neem om hierdie take te voltooi nie. Soms is dit 1 of 2 jaar, maar dit kan ook 5 jaar wees. Jare later kan daar weer oomblikke van rou voorkom. Veral kinders sal in hulle opeenvolgende lewensfasies verskillende lewensvrae hê. Elke keer sal hulle weer opnuut stilstaan en anders na die sterwe van die geliefde persoon kyk. Ons moet dit beseft, sodat ons die kinders ook in daardie fasies kan begelei.

Ander punte van belang in die rouverwerking is:

- **Die verwerking van die dood van 'n geliefde is vir 'n kind noodsaaklik.**

Onvoltooide rouverwerking by kinders kan tot gevolg hê dat die verdriet op 'n ander stadium in hulle lewe tot uiting kom. Dit gebeur dikwels in 'n minder herkenbare vorm, soos bv. gedragsprobleme. 'n Ander gevolg van onvoltooide rouverwerking kan die belemmering van die emosionele ontwikkeling van die kind wees.

- **Kinders kan skuldig voel oor die dood van 'n geliefde.**

Hulle kan dink dat hulle die oorsaak van die siekte of afsterwe is. Hulle kan straf uitlok deur negatiewe gedrag, en so hulle "skuld" dra. Kinders kan ook 'n ander vorm van skuld voel, bv. dat hulle nog leef en van die lewe geniet, terwyl 'n geliefde dood is. Daarom is duidelike inligting oor die oorsaak van die sterwe baie belangrik.

- **Identifikasiefiguur.**

As 'n ouer sterf, kan 'n kind in sy ontwikkelingsfase 'n identifikasiefiguur begin mis. Meisies mis 'n vrou, iemand om oor spesifieke vrouesake te praat, en seuns mis 'n man, iemand om oor manlike goed te praat. Daarom is dit nodig dat kinders die kans kry om 'n ander identifikasiefiguur te vind. Dit kan dalk die pa of ma van 'n maatjie wees. Jong kinders mis die troos van 'n moeder die meeste, terwyl ouer kinders die duidelike leiding van 'n pa die meeste nodig het.

- **Hou rekening met regressiewe gedrag.**

Regressiewe gedrag is gedrag van 'n vorige ontwikkelingsstadium. 'n Kind kan bv. weer begin duimsuig, of snags sy bed natmaak. Regressiewe gedrag is heeltemal normaal. Moet nooit die kind hieroor straf nie. Genoeg aandag, geborgenheid en liefde vir die kind help dat die regressiewe gedrag kan verdwyn.

- **Hegtingsproseses.**

Kinders het die neiging om baie geheg te raak aan die ouer wat oorbly het, of om juis glad nie meer

te heg nie uit ang om ook dié ouer te moet verloor. Beide is verkeerd en moet met liefde en geduld begelei word.

- **Professionele hulp en berading.**

Rouverwerking is 'n groot ding. Kinders is nog klein. Dit kan soms te groot vir hulle wees. Dan kan dit wees dat die kind professionele hulp nodig het. Dit kan kort na die sterfgeval wees, dit kan ook jare later eers wees. Professionele hulp is daar om gebruik te word. Doen dit dan ook as dit nodig is.

- **Met 'n sterfgeval in die gesin kry die ouer(s) ook swaar.**

Om self verdriet te verwerk sowel as om jou kinders te begelei, is 'n swaar taak. Dit is juis hier waar die gemeente kan help. Eerstens help ons natuurlik deur so 'n gesin in die gebed aan God op te dra. Verder moet ons met ons houding wys dat ons altyd beskikbaar is. Dit beteken nie dat ons onself moet opdring nie. Maar die ouer(s) moet weet dat hulle om hulp kan vra. Deur ons meelee kan ons agterkom of die gesin hulp nodig het. Op sensitiewe wyse kan ons ons hulp aanbied.

Tweedens is dit vir die ouer(s) belangrik dat hulle goed vir hulself sorg. Sorg vir voldoende rus, gesonde eetgewoontes. Sorg vir ontspanning en bly veral betrokke by die gemeentelêwe. Daaruit put 'n mens nuwe energie om die kinders te kan ondersteun. Ouer(s) moet ook nie skaam wees om hulp te vra nie.

Derdens moet die gemeente die ouer(s) kans gun om hulle rou te verwerk. Dit vat tyd en energie, waarvoor hulle eie tyd nodig het.

Kinders en ouers moet leer om met hulle ang te lewe, om met hulle ang na God te gaan. Verdriet word ons nie gespaar nie, maar God is altyd daar om ons verder te help en te troos. Ook in 'n dal van diepe duisternis is God naby om ons verder te lei soos 'n goeie Herder. ☩

# Wanneer die dood tussenbeide kom: 'n persoonlike belewenis

Anoniem

## TEMA: ROUVERWERKING

*Death is no enemy to life; it restores our sense of the value of living. Illness restores the sense of proportion that is lost when we take life for granted. To learn about value and proportion, we need to honour illness, and ultimately to honour death* (Frank, AW, At the will of the body).

Ek word wakker van die telefoon se gelui in die stil huis. "Dit is suster S van X Hospitaal. Ek is jammer mevrou, u man is nou net oorlede."

Dis vieruur in die oggend. Net voor middernag moes ek my man, wat baie siek was, weer laat opneem nadat hy die Maandag laatmiddag uit die hospitaal ontslaan is. "O", sê ek, "wat het dan gebeur?" Heeltemal kalm, feitlik onbetrokke. Ek skakel ons vier kinders, een na die ander, en net so kalm dra ek die nuus oor. Dan bel ek my suster, wat naby my woon. Sy sê hulle kom dadelik. "Nee," sê ek, "ek moet eers bad en aantrek, dit gaan 'n lang dag word."

Later neem hulle my na hom in die hospitaal, waar ek vra of ek sy ring mag kry. Ons stop selfs op my versoek by die bank, en ek trek die geld wat beskikbaar is. Soveel kere het hy sorgsaam vir my dié dinge gesê. Sy heel laaste woorde aan my was immers, "Nou moet jy huis toe gaan en gaan rus."

Wanneer my seun en sy vrou vroegoggend uit Johannesburg aankom, en 'n dag later die drie dogters en hul gesinne – die een van oorsee af – is dit vir my moeilik om te begryp waarom hulle so huil; waarom hulle so besorg is oor my. Ek is mos piekfyn. Het ek nie in die jaar wat my man siek was na sy hartomleiding my voorgestel hoe dit sou wees as hy sterf nie? Selfs gedink hoe kalm

ek sou optree; hoe min moeite ek vir almal sou besorg nie? Die naweek voor hy ontslaan is 'n voorgevoel gehad dat hy huis toe kom om te sterf nie? Die beddens is skoon oortrek; die yskas vol kos; die motor vol brandstof. Ek is voorbereid.

Later sou ek wonder, kon dit werklik ek gewees het? Wat traanloos by die begrafnis was; sy graf vol blomme kon help pak; al die vriende bedank? Ek sien myself as't ware van buite af; wonder waarom ek so min kon voel. Na die begrafnis is dit vir die kinders hartverskeurend om my agter te laat, maar ek verseker hulle, dit gaan goed met my. My witkopkleinseun van nege groet vir oulaas: "Ouma moet veilig bly!"

Die eerste aande alleen kan ek slegs met die lig aan slaap, met sy foto langs my bed, waar ek sy dierbare gesig kan sien. Bedags handel ek outomaties die baie administratiewe werk af wat rondom 'n sterfte ontstaan. Ek sorg dat ek "besig bly". Ek kom heel goed deur my eerste naweke alleen: gaan kerk toe; gesels met almal; bestee baie tyd om almal wat so goed was vir my, self te bedank. Hou alles mooi netjies, sorg dat die tuin natgegooi en alles betaal word.

So vier, vyf weke later begin die gevoel terugkom, soos wanneer mens van die tandarts af kom. Stadig begin ek besef, dit is hoe dit gaan wees: hy kom nie terug nie. Die persoon wat vir veertig jaar alles vir my was – eers vriend, later eggenoot, pa van my kinders, versorger – is waarlik weg. Soms snak ek na my asem by die besef van die werklikheid; soms voel dit vir my of ek bloot gaan ophou asemhaal. Hoe kan dit moontlik wees dat ek verder sonder hom kan bly leef?

Wanneer ek inpak om na die kinders in Nederland te gaan, tref die wete my: dié keer sluit hy nie soos gewoonlik later by my aan nie. Hierdie is my reis. Dit word tog 'n wonderlike besoek, met lieflike dinge en plekke. Wanneer ek die warm liggaampies van my twee Nederlandse kleinkinders vasdruk, is dit soos salf op my seer hart.

Dan die besoek aan my kinders by die see, waar ek en hy so graag lang ente gestap of net geluister het na die breek van die golwe op die rotse. Saans lees ek tot laat, luister musiek en huil myself aan die slaap, net om soggens moeg wakker te word. Ek is vergeetagtig, kan moeilik op enige televisieprogram konsentreer en is opreg verbaas oor die dinge waarmee mense hulle besig hou; opgewonde oor kan raak. Weet hulle dan nie my man is dood nie? Ek voel fisiek moeg, kry nekpyn, kan glad nie eet nie, of voel vreeslik honger. Self kan ek nie 'n ete bymekaarkry nie. My arme kinders is self bedroef, maar dra my op die hande, vertroetel my.

Die tuiskoms – hoe anders as al die ander kere, maar tog ook goed. Ek besef dat dit nou van myself gaan afhang hoe dit verder met my sal gaan; dat niemand hierdie pad vir my kan loop nie.

Dit word 'n geloofspad. Ek lees oor en oor die mooi gedagtes van troos wat mense vir my gestuur en gegee het, maar veral die Bybel. Twee keer gaan gesels ek met 'n wonderlike pastorale berader. Ek kry vir my leesstof oor die dood en die rouproses en herken myself in die stappe wat beskryf word. Eers die skoktydperk wanneer mens feitlik verdoof voel, dan die verlang- en soektydperk, die gedisorganiseerde en

moedelose fase, en uiteindelik die fase van reorganisasie. [Daar is ook ander indelings van die rouproses. Die skryfster het slegs een as voorbeeld gebruik].

In die eerste fase is dit of daar 'n beskermende waas om jou is. Jy beleef jouself van buite af en aanvaar die verlies slegs met die intellek. Hoewel jou belangstelling in wêreldgebeure afgestomp is, is alles rondom jou glashelder. Jy sien as't ware met nuwe oë die blou van die lug; die blomme in jou tuin. Jy registreer alles rondom jou haarfyn; vergeet inderdaad niks.

In die tweede fase kom die realiteitsbesef. 'n Mens wil nie die verlies erken of dit wat was, laat gaan nie. Elke keer dat jy die persoon soek en die hoop beskaam, word die finaliteit van die dood opnuut tuisgebring. Vir my het dit gevoel of ek 'n pragtige droom deur my vingers sou laat glip: ek wou nie dat die droom verby sou wees nie. Een nag het ek 'n pragtige droom: my praktiese man het die tuinbesproeiing so verander dat ek deur die druk van 'n knoppie bloeisel aan die bome, sneeu, reën en sonskyn kon bewerkstellig.

Die derde fase word gekenmerk deur disorganisasie. Wie en wat is ek nou? Jy hoor met 'n skok die woord "weduwee". Dit kan tog nie wees dat ek inderdaad nou "ongetroud" is nie? Die rolle wat twee vertolk het, word nou een s'n. Alles wat voorheen gegeld het, word bevrageeteken. Jy word onseker oor hoe jy teenoormense moet optree. Jy het 'n nuwe padkaart vir die lewe gekry. "*Death has interfered with life. The effect is like walking into someone else's life – shuffling through an unfamiliar landscape, one that is unsettled, chaotic and confused*" (Corr, Nabe & Corr, 2003).

Die vierde fase breek tot jou verbasing aan. Jy begin orde skep; die stukke optel. Maar jy besef: "*Once the fabric of one's life has been*

*torn, it may be mended in one way or another, but some differences are always irrevocable.*" Wat in dié fase herstel word, is nie die vorige leefwyse nie, maar om produktief te leef in die hede en die toekoms: "*living without*". Effektiewe rou stel die persoon vry om 'n betekenisvolle lewe te lei sonder om dit wat hy of sy verloor het, heeltemal te laat vaar. Met ander woorde: "*enriched remembrance*". Die persoon is nie meer 'n afwesigheid in 'n dor wêreld nie, maar is in jou hart vasgelê. Wanneer dit plaasgevind het, kan niks of niemand hom of haar verwyder nie (Corr, Nabe & Corr, 2003).



Deurgaans het ek probeer vashou aan die wete dat God in beheer is. Hy hou my elke minuut in die holte van sy hand. Ek hoef dit nie alles alleen te doen nie. God het my in hierdie tyd in sy goedheid versorg sodat ek die pyn kon verduur en tot hier toe kon vorder. Ek moet oor die hier en die nou kan kyk. Victor Frankl sê dit so mooi: die sin van die lewe sluit ook sterwe, nood en dood in. "Lyding het alleen sin," skryf hy, "as jy self daardeur verander word, as jy self 'n ander mens word."

Geleidelik begin ek vir my 'n werkbare roetine kry. Handel alles af wat moet, maar gee myself ook tyd om oor alles na te dink en soms te huil tot ek moeg aan die slaap raak. Dankbaarheid spoel oor my by die wete dat ek bevoorreg is. Ek het 'n man gehad wat die reguit pad geloop

het, wat my liefgehad het net soos ek was, wat 'n wonderlike vader vir ons kinders was. Is dit nie genoeg nie?

Dit is nou vyf maande na sy dood. Ek is nie "gesond" nie, want ek was immers nie siek nie. Ek is ook nie my "ou self" nie, want dit is nie moontlik nie. Maar ek sien die son skyn, ek kan weer konsentreer, ek weet ek kan nog veel vir my kinders en kleinkinders beteken. Daar is soveel ander vir wie ek ook nog iets kan beteken, want nou verstaan ek soveel dinge wat vroeër vir my verborge was. Ek besef die waarheid van Shakespeare se woorde: "*bereaved persons need 'to give sorrow words'*" (Macbeth, IV, iii: 209).

Uiteindelik val my lewe vir my in drie hoofstukke uiteen: die eerste 21 jaar toe ek jonk en onbesorg was. Dan die veertig jaar van getroude wees en kinders grootmaak, en nou die laaste hoofstuk. En ek hoop dat ek die genade sal ontvang om hierdie laaste hoofstuk mooi en goed te help skryf.

#### **Bronne:**

1. Kübler-Ross, E 1974: Questions on death and dying. New York: Macmillan.
2. Schoenberg, B Mark, (red). 1980: Bereavement counseling: a multidisciplinary handbook. Londen: Greenwood Press.
3. Corr, Charles A, Nabe, M Clyde & Corr, Donna M 2003: Death and dying. Life and living.
4. Frankl, Victor. Sê ja vir die lewe, verwerk deur Ferdinand Deist. Kaapstad: Tafelberg.
5. Peck, M Scott. The road less travelled. A new psychology of love, traditional values and spiritual growth. Londen: Arrow.

(Met toestemming oorgeneem uit Gereformeerde Vroueblad - 'n publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) ✠

# Waarborg van ons salige opstanding

## – oor die waarde van Christus se opstanding

Ds E. Viljoen

### TEMA: ROUVERWERKING

Waarom was Jesus nie daar toe Lasarus gesterf het nie? Lasarus was tog selfs 'n vriend van Jesus! Dit is duidelik dat Jesus alles van sy ernstige siekte geweet het. Die boodskap wat by Jesus uitgekom het, was tog ondubbelsinnig – die siekte is ernstig! Anders sou hulle nie sommer vir Jesus laat kom het nie. Dit was ook nie die geval dat Jesus koud gestaan het teenoor Martha en Maria se bekommernis of Lasarus se siekte nie. Hy was lief vir hulle. Jesus wag tot Lasarus sterf omdat Hy Homself in Betánië wil laat sien as die Opstanding en die Lewe. Jesus se opstanding het nie eers in die toekoms vir ons betekenis nie. Daar waar ons in geloof met Hom lewe, verander ons lewe nou reeds. En ons moet bysê ... verander ook ons dood.

#### **Nie eers in die toekoms nie**

Waarom kan ons lewens nie anders verloop as wat dit gaan nie? Kon die Here baie dinge nie voorkom het nie? Kom die Here, na ons gevoel, nie te laat met sy troos in ons hartseer nie? Het die troos van die evangelie nie soms by ons die smaak van “*mosterd na die maal*” nie? Ons wil nie woorde van troos hoor nie, maar ons wou gehad het dat alles liewers ANDERS moes wees! Só kyk ons na die lewe van ons kinders. Ons wil só graag alles mooi in die lewe vir hulle hê ... en tog weet ons dat daar ook vir hulle tye gaan kom waarvan ons sou wou hê dat dit anders verloop.

Maar juis dáár kom Jesus ons tegemoet. Hy wil ons laat sien wat dit beteken dat Hy die Opstanding en die Lewe is. Dit is nie goedkoop trooswoorde nie. Martha het gedink dat Jesus sommer die gewone woorde van troos en meelewing

uitspreek by die dood toe Hy sê: “*Jou broer sal opstaan*”. Sy dink aan die troos dat gelowiges wat gesterf het, deel het aan die toekomstige lewe met die Here. Lasarus sal sekerlik ook deel hê aan die toekoms met die Here. Maar Jesus wil haar geloof in die opstanding verbreed. Hy wil haar geloof *op Homself* rig. Jesus gee nie net in die toekoms vir mense oorwinning oor die dood nie. Hy IS DIE OPSTANDING EN DIE LEWE. Nou reeds. Soos wat Hy nou na jou in jou lewensomstandighede kom. Dít moes Martha verstaan: “Martha, Ek het nie te laat gekom nie; alles moes nie anders wees nie. Moenie jou troos daarin soek dat, as Ek hier was, jou broer nie sou gesterf het nie”. Ons geloof in die krag van Christus se opstanding is nie iets van die verre toekoms nie. Jesus sê nie vir Martha: “Ek sal jou broer laat opstaan; Ek bring opstanding en lewe” nie. Jesus *is self* die opstanding en die lewe. Dit sê Jesus terwyl Lasarus nog in die graf lê. Maar Hy kon, omdat Hy self sou sterf en uit die dood opstaan. Só kom ontmoet Jesus ons. Soos toe Hy vir Martha ontmoet het. In ons swakheid en magteloosheid. Wanneer ons dit só anders sou wou hê.

#### **Tot heerlijkheid van God**

Dit is die wonderlike betekenis daarvan dat Christus deur sy opstanding die dood oorwin het. Dit is sodat Hy ons kan laat deel in “die geregtigheid” wat Hy deur sy dood verwerf het. Wat beteken dit? Het dit betekenis vir my lewe? Verseker!! Dit beteken dat, in ons hartseer en benoudheid oor die geweldige krag van die dood, ons getroos word deur op Jesus self gewys te word. Jesus self is werklik die antwoord op al ons benoudheid en hartseer. Op al ons vrae oor die dood in ons lewens en die lewens

van ons geliefdes, kry ons uiteindelik geen ander antwoord as die boodskappers wat vir Jesus kom vertel het van Lasarus se dodelike siekte nie: “*Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie, maar tot die heerlijkheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.*” (Joh 11:4). Dit is nie dat Jesus te laat kom nie. Ook nie dat Hy nie weet of nie omgee nie. Maar almal moet sien dat Hy sterker is as die dood.

#### **Glo jy dit?**

Martha moes glo dat die siekte nie eindig in die dood nie, maar in die verheerliking van God en sy trou wat gesien word in die geskenk van sy Seun. Daarom kan Jesus sê: “*Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in my glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie*”. Hier was Martha se geloof in Jesus as God se groot genade-geskenk op die proef gestel. Daarom vra Jesus vir haar: “*Glo jy dit?*” Hy wou elkeen laat sien dat Hy sterker is as die dood. Daarom het Hy nie vroeër na Betánië gekom nie. Hy wil sy heerlijkheid laat sien *of ons lewe en of ons sterwe*. Ons geloof moet geheel en al op Hom gerig wees. Nie op iets wat Hy ons kan gee nie. Hy self is in die eerste plek die groot geskenk wat God vir ons gegee het. En soos wat God Hom vir ons gegee het sonder reserwe, só wil Hy dat ons ons ongereserveerd aan Hom oorgee. In lewe en in sterwe. Vol vertrou dat my omstandighede nie eers anders moet wees voordat ek verseker kan wees van God se genade-vriendelikhed teenoor my nie. Wat hierdie geloof in Jesus inhou, hoor ons in Martha se geloof in Jesus: “*Ek weet dat alles wat U van God vra, God U sal gee*”. En dit kon sy glo, want sy bely tegelyk: “*Here, ek glo dat U*

die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom". Glo u dit? Glo u dat niks u buite bereik van God se genade kan plaas nie? Selfs nie u grootste sonde nie. Selfs nie die dood nie.

Maar kan Hy werklik vir u en my troos in ons benoudheid wanneer ons die dood in die oë kyk? Gelowiges en ongelowiges sterf. Jesus ontken nie dat ook gelowiges sterf nie. Maar Hy kom vertroos ons daar waar ons die dood vierkantig in die oë moet kyk. Daar waar ons gelowige geliefdes reeds gesterf het ~ *vir hulle geld dit: "Ek is die Opstanding ... wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."* En vir ons wat in die lewe agterbly, geld die volgende: *"Ek is die Lewe ... elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie."* Aan alle kante is die dood oorwin. Vir dié wat nog lewe en vir dié wat reeds gesterf het!

Dit demonstreer Jesus deur Lasarus uit die graf uit te roep. Met sy stem kan Jesus selfs tot binne-in 'n graf lewe wek. Sý stem gee lewe. Gelowige mense kan selfs in hulle graf reageer op Jesus se stem. Want Hy is die Een wat deur God gestuur is. Glo u DIT? Glo u dat Jesus die Opstanding is? – Hy laat selfs mense wat dood is, op sy genade-stem

reageer. Hy is die LEWE – dit beteken dat gelowiges wat lewe, nooit kan sterf nie. Hulle sal lewe, selfs al moet hulle sterf. Die dood mag selfs kom, maar ook dit sal jy oorleef. Is dit wat jy glo?

#### 'n Nuwe lewe!

Ons moet vanuit Christus se opstanding uit die dood *vandag* leef as mense wat nie die ewige lewe sal ontvang nie, maar dit reeds het. Dit bedoel die Heidelbergse Kategismus in Sondag 17 wanneer die tweede nut van Christus se opstanding vir ons genoem word. Ons word deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Christus kom woon deur die geloof in ons en ons in Hom. Dit is 'n nuwe lewe deur die krag van die opstanding van Christus.

Hierdie nuwe lewe het niks te doen met ons ou lewe wat hier en daar verbeter word nie. Dit gaan nie oor die restourasie en verbouing van ons ou lewe nie. Dit is 'n lewe waar alles nuut is. 'n Lewe van geloof in Christus. 'n Lewe uit genade. 'n Lewe waar die mag van die dood en sonde nie oor ons heers nie. Wanneer Christus ons opwek tot 'n nuwe lewe, dan maak Hy Homself tot die Bron waaruit ons elke dag leef. 'n Nuwe lewe is nie 'n lewe waar ek my bes doen om my lewe te verander nie. Die nuwe lewe

gaan nie oor ons en ons nuwe krag nie. Ons bring altyd weer iets van ons ou lewe saam. Uit ons eie krag kan ons nooit 'n nuwe lewe begin nie. Al verander ons ons lewens se rigting ook hoe!! Die nuwe lewe gaan oor Christus wat vir ons die lewe geword het. Hy is alles. Ons leef uit Hom, deur Hom en tot Hom. Al die heerlijkheid is syne. God word in ons verheerlik deur Christus wat vir ons die lewe geword het. Die nuwe lewe leef uit die krag van die liefde van Christus vir ons. Dit is 'n geloofs-lewe!!

#### Onthou altyd

Ons moet vir 'n nuwe lewe nie kyk na ons eie swak kragte nie. Ons moet kyk na die leë graf van Christus. Want die Here God wil in ons werk met dieselfde krag waarmee Christus uit die dood opgewek is (Ef 1). Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy vir Timotheüs aanmoedig: *"Onthou dat Jesus Christus ... uit die dode opgewek is"* (2 Tim 2:8). Nie maar een keer glo in die opstanding van Christus nie. Nee, sy leë graf is gedurig en altyd weer die krag vir ons om ons nie oor te gee aan die krag van die sonde en die dood waarmee ons elke dag gekonfronteer word nie. Met sy evangelie laat Hy ons elke dag weer opstaan om 'n lewe te lei wat pas by sy leë graf. ✠

## DIE GRAFTE JUBEL

Petro Drijfhout

### BOEKBESPREKING

#### Die grafte jubel deur Esta Steyn

is beskikbaar by Lux Verbi

*"Al wat nou tel, is die wete dat U leef en dat hulle leef; dat hulle by U is en deel is van U hemelse ryk, en dat wanneer U eendag weer kom, hulle twee, saam met ons drie, deel sal wees van die groot en heerlike skare wat U omring en U eer sal besing. Daar sal 'n jubeling opgaan, Here, soos eens in daardie nuwe grafkelder waar U die grafdoeke afgegooi en uit die dood verrys het. En dan sal elke ander graf jubel. My seuns s'n ook."*




Hoe kom 'n moeder wat in die kort tydperk van agt jaar twee seuns aan die dood moes afstaan, tot so 'n belydenis? Dit is waaroor hierdie boek gaan.

*Die grafte jubel* is 'n verslag van die ervaring en die pyn wat die verlies van

twee kinders bring, maar ook van genesing. In hierdie roerende werk vertel die moeder, Esta Steyn, hul verhaal. Sy vertel dit in die derde persoon as "die vrou" – om sodoende afstand van die gebeure te verkry. Op dié manier vermy Steyn 'n oormaat rou emosie, maar verleen ook 'n meer dramatiese aanpak aan die gebeure. **Die grafte jubel** lees soos fiksie, soos 'n spanningsverhaal.

*“Daar was eendag ‘n vrou wat gedink het sy ken die Here. Sy het Sondae in die kerk saam met die gemeente die geloofsbelydenis hardop opgesê soos ‘n rympie. Sy het nagmaal gebruik, die brood geëet en die wyn gedrink. Sy het Kinderkrans gehou en vir die kindertjies van Liewe Jesus vertel. ... Die vrou het aanvaar dat Jesus vir haar aan die kruis gesterf het en dat Hy weer opgestaan het en dat Hy vir ewig lewe ...”*



gelees het, het tot in haar verstand deurgedring. Sy het iets van lofprysing onthou. Dat, as sy die Here loof en prys in nood, en spesifiek vir smart wat oor jou pad gekom het, Hy tot jou redding sal kom. So het mense in dié boeke getuig. Lof in lyding? Dit is maklik om die Here te prys vir ‘n mooi dag, ja, vir kos op jou tafel, vir die son wat oor die see l, vir ‘n kind wat in die wêreld gekom het. Maar hoe prys jy die Here vir ‘n kind wat dood

is? *“Ek kan nie, Here. My kind se valhelm lê hier koud en hard.”*

Die lewe was vir haar goed en mooi. Sy het selde of ooit stilgestaan daarby dat die hele wêreld se bestaan, alles, nog deel was van die gevalle skepping, verwring deur sonde en sterflikheid. Wanneer sy oor die radio van verskriklike dinge gehoor het, was haar reaksie: *“Goddank, dis tog nie een van my mense nie. Foei tog. En vir die Here het sy gesê: ‘Wees tog met daardie mense. En sit u arms rondom hulle.’”*

Die vrou het drie seuns gehad. Die oudste twee kinders, onderskeidelik sewentien en sestien, het soos ‘n tweeling grootgeword. Die kleintjie was pas vier toe die oudste van die seuns in ‘n motorfietsongeluk dood is. *“My pel”*, het die tweede seun geprewel langs die hospitaalbed. Ons lees van die wagtyd in ‘n traumasaal by die Tygerberghospitaal tot die mediese personeel die masjiene afskakel nadat breindood gekonstateer is.

Dan volg daar vreemde dae. Dae sonder haar kind, maar die sitkamer vol mense. Sy sien haar man en ander tienerseun, maar voel sy kan nie by hulle uitkom nie. *“Wat maak al die mense hier? ... Julle wat die blomme bring en die brood en die skons, julle wat pakke kaartjies en briewe en troosboekies na my huis bring, dis julle wat die dood hier inbring. ... Geen normale huis het ruikers met strikke en swaar geure in hulle kamers nie. Net huise waar dood is. ... Gaan huis toe. Vat julle brood en blomme en boeke en laat my huis stil word ... miskien is dit dan alles net ‘n nare droom. En miskien kom my kind dan weer.”*

Die teks by die begrafnis is 2 Samuel 12:22-23 – *“Terwyl die kind nog gelewe het, het ek gevas en gehuil, want ek het gedink: wie weet, dalk is die Here my genadig, en dan sal die kind lewe. Maar nou is hy dood. Waarom moet ek nog vas? Kan ek hom na my toe laat terugkom? Ek gaan na hom toe; hy kan nie na my toe terugkom nie.”* (1983-Bybelvertaling)

Dan kom die vrae. *“Here, ek moet dringend uitvind waar die pad is wat na hom toe gaan. Ek moet eendag by hom uitkom. Daar waar hy by U is. Eendag, Here, asseblief. Ek het voorheen gedink dat ek wel op daardie pad is, maar nou weet ek nie meer nie. Want alles het verander en daar is te veel vrae in my gemoed.”*

Grepe uit Bybelstudie- en troosboeke wat sy vroeër

Ons lees verder van die vrou se soeke na antwoorde, na vertroosting, na geloofsekerheid, na die pad vorentoe. Sy vind troos in die woorde van Klaagliedere 3:22-23 – *“Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut.”* (1983-Bybelvertaling) Eers baie later sou die vrou die begrafnisteks verstaan. Hoe Dawid die Here kon prys te midde van al sy benoudheid.

*‘n Tweede keer neem die Here ‘n kind van haar af weg. Ons lees met spanning die soeke na die vermiste branderplankryer op die see en teen die kus af. Weer staan sy langs ‘n oop graf. “Die pad, Here, die pad wat my nie na een toe nie, maar na twee toe neem.”*

Ons lees van die vrou se stryd, haar gebed tot God, die aanvalle van Satan om haar gemoed in vertwyfeling te bring. Aan die einde van die boek vind ons haar gedig oor **Die Kerkhofkraan:**

*“Nou ken sy die pad na die kerkhofkraan waar sy die Tuinier ontmoet.*

.....

*My kind, jou seuns is nie hier nie,  
Want Ek het die dood reeds verslaan.  
Ja, luister hoe jubel die grafte:  
‘Mamma! Hy’t opgestaan!’”*

*‘n Paar dinge is opvallend in hierdie boek. Die vrou se man word selde genoem. Sy stryd wat ongetwyfeld ook daar was, kry geen aandag nie. Sou ‘n mens in ‘n Christelike huwelik nie verwag dat hulle saam in gebed die pad na antwoorde sou probeer vind nie?*

Ook die kerk speel nie ‘n groot rol in die boek nie. Sekerlik, hulle gaan kerk toe, die dominee besoek hulle in tye van nood en lei die begrafnis, maar waar is die vertroosting deur die (weeklikse) prediking, deur die ouderling op huisbesoek? Het die lewe van die vrou, soos wat so dikwels die geval is in ons samelewing, nie maar net verskraal tot ‘n persoonlike godsdiens nie? Kan haar mede-gemeentelede saam met haar bely dat hulle ook *“deel sal wees van die groot en heerlike skare wat U omring en u eer besing”?*

In dié opsig wil ek verwys na ‘n tweede boekie:



# EN AS EK STERWE

Petro Drijfhout

## BOEKBESPREKING

*En as ek sterwe* deur HJL Momberg is beskikbaar by Folmer Boekhandel.

Hierdie boekie laat die Bybel self spreek oor die lewe ná die dood. Met die sondeval in die Paradys het die mens die lewe as bate verloor. Deur sy ongehoorsaamheid het die dood in die wêreld gekom. “Jy sal sekerlik sterwe!” Ds Momberg begin daarom by die begin. “*Om die betekenis van ‘sterwe’ te verstaan, is dit nodig dat ons eers weer na die proses van die skepping van die mens kyk.*” ... “*Wanneer die mens sterwe, sal dus die omgekeerde plaasvind, naamlik dat die lewens- asem uitgeblaas word. God neem die gees terug wat Hy gegee het, terwyl die liggaam wat agterbly, weer stof word.*” Gen 2:7; 3:19; Pred 12:7.

Hulle wat volgens God se welbehag leef, verwag om eendag by Christus te wees. Hier word verwys na 2 Kor. 4:16-5:10. Wanneer ons hierdie Bybelgedeelte lees,

ontdek ons die eenheid tussen die lewe hier op aarde en die lewe hierna. Dit laat ‘n mens onwillekeurig dink aan Skrifberyming 24:7 – “Ons sal, in lewe en in sterwe, Gods eiendom vir altyd wees”.

Die liggaam wat begrawe word, is soos ‘n koringkorrel wat in die aarde geplant word, en wat in die grond doodgaan, maar dan ontkiem en in ‘n geheel nuwe en verheerlikte gedaante verskyn (1 Kor 15). “Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid”. Dan word ons met die hemelse heerlikheid oorklee, om ons burgerskap in die Hemele te ontvang en om ons hemelse Kanaän in besit te neem.

God is nie ‘n God van dooies nie. Dié wat in Christus ontslaap het, beleef dit om by Christus te verkeer (Fil. 1:23). Hulle staan voor die troon van God en van die Lam, hulle roep aan, bid, loof en dien die Here dag en nag (Openb 6 en 7).

Eersgenoemde boek, *Die grafte jubel*, sal veral op moeders ‘n indruk maak. Vir dié wat meer wil lees oor wat die Skrif oor dit alles leer, word die boekie van ds Momberg heelhartig aanbeveel. ☩

---

## Die missionêre kerk (4): Hiér gebeur dinge!

Ds Pieter Boon

### RANDOM DIE KERK

In hierdie reeks skenk ek aandag aan die missionêre karakter van die kerk van Christus. Missionêr, dit wil sê ‘n kerk wat in sy wese gestempel is deur die opdrag van die Here Jesus in Matt 28:19: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” In die vierde artikel kyk ons na die volwaardige plek wat pasbekeerdes in die kerk verdien!

#### **Bekering as proses**

In die Heidelbergse Kategismus (HK v/a 88-90) word bekering omskryf as ‘n afsterwe van die ou mens en ‘n opstaan van die nuwe mens. Die menslike kant van bekering kom tot uiting enersyds in opregte verdriet oor die sonde, dit word voortaan vermy, en andersins ‘n innige blydskap. Die Dordtse Leer-

reëls (DL III/IV, 10-12) vestig die aandag op die Goddelike kant van bekering: dit is ‘n bonatuurlike en wonderlike werking van God, wat ons nie kan begryp nie, maar waarvan ons die vrugte waarneem. Bekering mond naamlik uit in gedragsverandering, maar begin nie daarmee nie. Uit die Dordtse Leerreëls word ook duidelik dat bekering as verandering nie net van die een op die ander oomblik plaasvind nie. Ook gebeur dit by elke persoon nie noodwendig op dieselfde manier nie. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB art 22) beklemtoon dat in elke bekering Jesus Christus in die middelpunt staan. Iemand wat tot geloof in Christus kom, het niks anders meer nodig nie. In Christus is ons volle heil. Dit gaan terug op die Bybelse waarheid dat ons deur geloof – sonder werke! – geregverdig word (Rom 3:28). Die werke volg eers later. Deur die genesende werking van die Heilige

Gees leer ‘n bekeerde hoe om sy lewe te verbeter. Die NGB praat oor die goeie vrugte waaraan ‘n mens ‘n goeie boom herken. Maar elke boomkweker weet dat ‘n goeie vrugteboom eers ‘n paar jaar nadat dit geplant is, begin vrugte dra. Wie ‘n jong boompie uittrek omdat dit nog nie vrugte dra nie, kry nooit ‘n ou boom met ‘n groot oes nie. So is dit ook ‘n proses vir ‘n bekeerde om steeds meer as ‘n Christen te leer lewe.

Ek vra aandag vir hierdie proses van bekering om die volgende rede: hou die prosedures (geskrewe en ongeskrewe) wat in die kerke hanteer word om nuwelinge toe te laat, wel rekening hiermee? Ofte wel: weerspieël ‘ons’ toelatingsprosedures ook die waarheid dat ‘n sondaar geregverdig word *sonder werke*? Word jong boompies met onooglike vrugte wel toegelaat in die vrugteboord van God se volk? Kry hulle die

kans om op te groei in die vrugbare grond van Woord en sakramente? Want dit is waar die dinge gebeur. Dit is waar die Gees werk!

### **Sondekennis as vrug van genade**

Gereformeerde kerke is nou al vir eeue gewoon aan 'n samelewing waarin Christelike norme en waardes die botoon gevoer het – al was dit dikwels net aan die oppervlak. Alhoewel mense dikwels nie volgens die tien gebooie geleef het nie, was hulle wel bewus van hierdie norm. Soos die Engelse sê: *he talks the talk, but does he walk the walk?* Die kloof tussen kerk en samelewing was – altans aan die oppervlak – nie so wyd nie. In die 21<sup>ste</sup> eeu kom Gereformeerde kerke egter steeds meer te staan in maatskappye wat nie meer so duidelik volgens die Bybelse norme georganiseer is nie. Vir kerke op die sendingsveld geld dit des te meer. Om 'n voorbeeld te noem: hoeveel mense beskou owerspel of 'n driehoeksverhouding nog as werklik sondig? En dat aborsie 'n sonde is, dit word as 'n groot gedagtesprong beleef. In hierdie verband moet ons as kerklede nie uit die oog verloor nie dat sondekennis ook 'n vrug van genade is. Besef van sonde is nie 'n voorwaarde vir genade nie. Hoe gaan gesekulariseerde mense leer en oortuig word dat aborsie, owerspel, ens. ens., sonde is, as hulle nie die bediening van die Woord ontvang nie?

Nog 'n faktor wat ons moet besef, is dat daar dikwels 'n soort geldende etiek in 'n gemeente heers. Kerklede beskou byvoorbeeld sondes van sekuele aard as veel erger as iemand wat in oordadige luukse leef of die belasting ontduik. En diefstal beskou ons as veel erger as hoogmoed of skinderpraatjies. Maar as 'n mens die sonde vanuit God se perspektief beskou, sal dit blyk dat daar veel minder verskil is tussen 'n gesekulariseerde persoon en 'n keurige kerklid. Beide het die bediening van die Woord ewe nodig! Hierdie besef moet ons veral nederig maak teenoor buitestaanders, en ons laat besef dat

dit nie van pas is om 'n toetreders uit die 'wêreld' deur middel van 'n aantal kosmetiese operasies in ons gangbare etiek in te pas nie. In so 'n geval kom 'n moralistiese Christendom in die plek te staan van God se koninkryk. Terwyl dit juis daarvoor behoort te gaan dat 'n sondaar die koninkryk binnegaan. Dat hy ingelyf word in God se regering, nie in ons regering nie! Ons mag nie ons huisstyl opdring aan 'n toetreders nie.

Is dit nie vanweë moralisme dat heelwat Gereformeerde kerke 'n soort binne/buite-struktuur vertoon nie? As't ware 'n hoë muur wat binne en buite van mekaar skei.

Tog, op grond van Skrif en belydenis, moet daarvoor gepleit word dat kerke *ruimhartig* mense in hulle gemeenskap behoort toe te laat. Ook mense wat miskien vir die oog nog gesekulariseerd is, maar tog 'n opregte belangstelling het vir die bediening van die Woord. Beslissend of mense toegelaat word of nie, is nie hulle huidige lewenstyl nie, maar of hulle die Gees toelaat om in hulle lewens te werk. Want in die kerk gebeur die dinge. Hier werk die Gees as die Woord bedien word! Daarmee word nie ontken dat sommige belangstellendes vroeër of later tog ander paaie kies nie.

### **Doop en belydenis: begin- of eindpunt?**

In die praktyk funksioneer doop en belydenis vir toetreders (en dikwels vir dooplede) as 'n eindpunt. 'n Soort afsluitende eksamen. Tog is dit nie Bybels nie. As ons daarenteen meer klem lê op die noodsaak van groei in ons lewe, val die aksent meer op heiliging en *voortgaande* bekering. Openbare geloofsbelydenis is eintlik veel minder 'n eindpunt as 'n begin van die geloofsweg. Die gangbare praktyk het veral ongelukkige konsekwensies in die geval van toetreders. As belydenis 'n eindpunt is, is die gevolg dat die norm/standaard vir die doen van belydenis baie hoog sal wees. Sodanig dat slegs mense wat al jare lank ervaring in die kerk het, redelikerwys daaraan sal kan

voldoen. So word onbedoeld 'n hoë muur tussen binne en buite gebou. Die onderhouding van al die kerklike gebruike en gewoontes word as voorwaarde gestel voordat iemand toegelaat word tot belydenis en doop. En juis omdat ons slegs die buitekant sien, is ons geneig om te vergeet dat egte verandering van binne moet plaasvind, en dat dit dikwels tyd nodig het. Laat ons oppas om nie die wet te preek vir toetreders, terwyl die evangelie op die agtergrond verdwyn nie. Dan kan die gemeente na 'n tyd tot haar skok (hopelik) agterkom dat die mense wat toegetree het, juis afgeweer moes gewees het, en dié wat in die verlede rigied die deur gewys is, miskien juis die ware soekers was. Wie die wet in die plek van die evangelie skuif, sal agterkom dat daar mense toetree wat met verloop van tyd sal ontpop as nog meer seloties as die gevestigde kerklede self. By hulle intrede in die gemeente word hulle ou mens nie gedood nie, maar miskien juis gerevitaliseer!

Is dit nie meer korrek om, in die lig van die Skrif, belydenis en doop te beskou as beginpunte in die proses van heiligmaking en nie as afsluiting daarvan nie? In die dooppraktyk van Gereformeerde kerke word dit pragtig weerspieël in die kinderdoop. Hulle wat in sonde ontvang en gebore is, ontvang die doop, *sodat* hulle kan groei in die heiliging van hulle lewe.

Wanneer daar in die gemeente toetreders lid word wat nog tekens vertoon van 'n wêreldse lewenstyl en 'n sekulêre manier van denke, beteken dit dat daar in die praktyk dus verskillende soorte gemeentelede is. In die vorige artikel het ons al aandag daaraan geskenk dat die Nuwe Testamentiese gemeentes met hierdie situasie vertrouwd was. Daar was 'swakkes' en 'sterkes' in die gemeente. Hierbo het ek daarvoor gepleit dat die maatstaf vir toelating nie te hoog moet wees nie. Dit is belangriker om te kyk *in watter rigting* iemand se lewe beweeg. Dit kom onder andere tot uiting in die verlange om meer onderwys te ontvang. In

die lig van die Bybel moet ons toetreders as 'swak' broers en susters beskou. In die kerk het elke lid nie dieselfde regte en pligte nie. Daar is eerder sprake van 'n toenemende verantwoordelikheid, soos wat lede in toewyding groei.

### **Die ampte in missionêre lig**

In sy eerste brief aan Timotheüs noem Paulus 'n aantal eise op grond waarvan manne geskik is vir ouderling. Timotheüs was destyds 'n voorganger in die gemeente van Éfese. Wanneer iemand ouderling wil word, moet hy aan die volgende voorwaardes voldoen (1 Tim 3:1-7):

- van onbesproke gedrag
- monogaam
- nugter
- ingetoë
- beskaaf
- gasvry
- hy moet goed kan onderwys gee
- hy moet nie aan drank verslaaf wees nie
- hy moet nie opvlieënd wees nie, maar vriendelik
- hy moet nie strydlustig of geldsugtig wees nie
- hy moet aan sy eie gesin goeie leiding gee en sy kinders aan hom onderdanig hou
- hy moet nie pas bekeer wees nie, om te voorkom dat hy deur sy verantwoordelikheid hoogmoedig sou word
- hy moet gunstig bekend staan by nie-Christene

Die meeste van hierdie kriteria is vir ons bekend, en geld nog steeds in Gereformeerde kerke. Tog is daar enkeles wat slegs begryp kan word

teen die missionêre agtergrond van die eerste gemeentes.

Opvallend is byvoorbeeld die eis dat 'n ouderling geen pasbekeerde Christen mag wees nie. 'n Jong Christen, al is hy bekeer, is (nog) nie geskik vir die amp nie. In 'n ander geval skryf Paulus aan Titus dat 'n ouderling gelowige kinders moet hê. Hierdie twee eise lê in mekaar se verlengde. Ons moet hulle sien teen die agtergrond van 'n jong gemeente waar daar nog baie Christene van die eerste generasie is. Slegs broeders met gelowige gesinne behoort as ouderlinge bevestig te word. Broeders wat hul as enigste gelowige in hulle gesin moet handhaaf, het hulle hande al vol genoeg.

Nog 'n kriterium wat teen die missionêre agtergrond van die eerste gemeentes verstaan moet word, is dat die nuwe ouderling gunstig bekend moet staan by nie-Christene in die omgewing. Juis hulle wat 'n amp in die gemeente beklee, word ekstra dopgehou. Nie net deur die gemeente nie, maar ook deur die 'wêreld'.

In die Gereformeerde bevestigingsformulier vir ouderlinge en diakens het hierdie missionêre inslag van die amp soos wat ons dit in die Bybel vind, 'n bietjie op die agtergrond geraak. Al die nadruk lê op die bewaking van die suiwerheid van die leer en die toesighouding op die gemeente. Tog is dit goed om te besef dat die missionêre karakter van die kerk by Paulus heeltemal deel van die ampsbeskouing vorm. Laat ons hierdie kriteria nie uit die

oog verloor nie wanneer broeders vir die ampte op tal gesit word!

### **Gradasies in lidmaatskap**

Uit Paulus se advies aan Timotheüs en Titus blyk ook dat hy gradasie aanbring binne die gemeente. Daar is pasbekeerdes en daar is mense wat al 'n langer tyd Christen is. Ook hieruit kan ons aflei dat daar ruimte is om mense belydenis te laat doen en te doop wat in lewenstyl nog gedeeltelik sekulêr is. Juis met die argument dat die gemeenskap van die Woord en sakramente die beste plek is om te groei! Maar vir diegene wat bang is dat daar dan al hoe meer onderskeid gemaak gaan word tussen sg. A-Christene en B-Christene, wil ek benadruk dat ons identiteit nie lê in die feit hoe 'n goeie Christen ek is nie, en hoeveel regte en pligte ons in die gemeente het nie. Ons waarde en status lê slegs in die feit dat Christus vir ons almal gesterf het. Dit het Hy ook vir die 'swak' broer en suster gedoen (1 Kor 8:11). Om 'n amp te beklee, is 'n groot voorreg, maar dit is geen beloning vir 'n sg. A-Christen nie. Aan wie baie gegee is, van hom sal baie gevra word.

In die volgende artikel hoop ons om in meer detail na hierdie aspekte te kyk. Watter gradasies was daar byvoorbeeld in die Nuwe Testamentiese gemeentes? En hoe gaan ons dit in praktyk bring in die kerklike lewe van die 21<sup>ste</sup> eeu?

*N.a.v. S Paas: "De werkers van het laatste uur. De inwijding van nieuwkomers in het Christelijk geloof en in de Christelijke gemeente."*  
(Zoetermeer 2003) ☩

**Temas wat in die volgende maande in KOMPAS bespreek gaan word:**



- |                        |                               |
|------------------------|-------------------------------|
| <b>Julie 2006:</b>     | <b>Arbeid</b>                 |
| <b>Augustus 2006:</b>  | <b>Leef vnuut vergiffenis</b> |
| <b>September 2006:</b> | <b>Heilige Gees</b>           |
| <b>Oktober 2006:</b>   | <b>Seksualiteit</b>           |
| <b>November 2006:</b>  | <b>Kerkhervorming</b>         |
| <b>Desember 2006/</b>  |                               |
| <b>Januarie 2007:</b>  | <b>Feminisme</b>              |

# Kort verslag van die voortgesette sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika gehou op 18 Maart 2006 te VGK Pretoria-Maranata

Atze Herder

## KERKNUUS

### 1. Opening

Ds C Kleijn, die voorsitter van die sinode, open die vergadering op 'n Christelike wyse.

### 2. Konstituering

As gevolg van die buitengewone omstandighede stem die sinode in om sekondus afgevaardigde, ouderling LHT Bosker van Pretoria, op die amptelike geloofsbrief te vervang met die nuut afgevaardigde ouderling JF Raimond van Kaapstad. Klassis Suid het, gegewe die situasie, hierdie plaasvervanging amptelik versoek. Die buitengewone omstandighede is dat Kaapstad twee afgevaardigdes nie kon stuur nie as gevolg van hulle ongesteldhede. Bykomend is die feit dat Kaapstad diep gemoeid is met die hele saak van die teologiese opleiding. Die sinode openbaar daarmee 'n gesindheid van broederlikheid wat die hele vergadering sou kenmerk.

Die afgevaardigdes is:

#### Klassis A:

Di JA Breytenbach, C Kleijn en RM Retief  
Oudl H de Jager, JF Raimond en HH Schuring

#### Klassis B:

Di P Nel en MP Magagula  
Oudl P Bouwman, H Snijder, AJ Sterk en FJ van Dijk

#### Adviseurs:

Di HH van Alten, PG Boon en J Mhlanga

#### Namens Deputate Teologiese Opleiding:

Oudl G Hagg

#### Ook teenwoordig:

Oudl B van Dalen (Kaapstad)

Omdat ds Kees Kleijn self 'n deputaat vir teologiese opleiding was, gee hy met die vergadering se instemming die stoel oor aan ds P Nel as tweede voorsitter.

### 3. Vrug van bespreking

In kort kom die besinning van die kerke daarop neer dat al die kerke in die proses van die ontwikkeling van 'n eie teologiese opleiding saamgeneem wil word. Dit is raadsaam geag om elke stap ter bereiking van die kosbare ideaal saam te gee. Die volgende is 'n weergawe van die belangrikste besluite van die sinode.

- a. Deputate Kuratore word van nou af verteenwoordigend aangestel vanuit die onderskeie klassisse. Hulle is uit Klassis Suid: Di P Nel (Bethal) en E

Viljoen (Kaapstad); oudl B van Dalen (Kaapstad - as sekondus) en AL Boessenkool (Johannesburg). Klassis Noord: Ds J Mhlanga (Soshanguve); oudl HH Schuring (Sameroeper - Pretoria) en G Hagg (Pretoria-Maranata) met ds RM Retief as sekondus.

- b. Met betrekking tot die totstandkoming van 'n nuwe gedaante vir die TO word daar afgeskop met 'n eerste fase waar deputate kuratore met die twee streeksverteenvoerders uit die Kaap en Pretoria (di JA Breytenbach en PG Boon) en ander deelnemers soos die IRTT die volgende onderneem:
  - (i) Om 'n profiel op te stel van die uitkoms van hoe die tipe student moet lyk wat by die TO afgestudeer het. Dit sluit sy kennis, maar ook sy gesindheid jeens die gereformeerde leer in; hoe hy preke maak; hoe hy as leraar of sendeling sal funksioneer in die SA konteks
  - (ii) Om vanuit dié profiel die kursusdoelwitte op te trek
  - (iii) Om die huidige opleidingsituasie te ontleed en in die lig daarvan 'n stapsgewyse plan op te trek om uiteindelik by die instituut vir en deur die kerke uit te kom
  - (iv) Om geskrewe besonderhede m.b.t. die TO vir die volgende uit te werk:
    - Streeksverteenvoerders se take
    - Sendingskerkrade en ander kerkrade in die verband se take
    - Toekomstige dosente se take
    - Hoedanig die raadgevende taak van die deputate kuratore uitgevoer word m.b.t. die instituut
    - Watter verantwoordelikhede die sinode het m.b.t. die finansiële aspekte van die TO, soos begrotings, kompensasie, ens.
  - (v) Om 'n geskrewe rapport uit te bring aan al die kerke nie later nie as Augustus 2006
  - (vi) Om die sameroepende kerk (Kaapstad) te versoek om 'n *ad hoc*-sinode byeen te roep 6 weke nadat die verslag ontvang is.
- c. Met betrekking tot die finansies besluit die sinode om die jaarlikse bydrae vir die teologiese opleiding te verhoog na R100 per siel. Die kerke sal gevra word om die bydraes oor die jaar 2005 wat hulle nog verskuldig is, spoedig in te betaal. Ook word besluit

# Ondersteuning van kinders in rou

Marja Bos-Meeuwsen

## OPVOEDING EN ONDERWYS

Baie volwassenes is van mening dat dit vir kinders nog nie soveel saak maak nie. Want hulle is nog maar klein en kinderlik. Maar dit is glad nie waar nie! Want kinders voel ook pyn!


Kinders kan deur baie oorsake gekonfronteer word met verlies en rou. In hierdie artikel word aandag gegee aan rou-verwerking by kinders ná die dood van 'n geliefde persoon. Ervarings van verlies is deel van die lewe en kan nie voorkom word nie. Kinders moet geleer word om daarmee om te gaan. Vroeër is kinders so min as moontlik in aanraking gebring met alles wat te make het met ernstige siekte en dood. Deels uit verleentheid en deels ook vanuit die goed bedoelde sorg om nie te veel van die kind te verwag nie.

Maar kinders rou ook. Al is hulle ook hoe klein, hulle reageer op verlies. Dit is nie verstandig om verdriet van kinders weg te hou nie. As 'n oupa of 'n oma gesterf het, wil 'n jong kind ook daarby betrokke wees.

om die reis- en verblyf-koste van die adviseurs wat help om die eerste fase te implementeer, uit die fondse van die TO te betaal. Ten laaste kan die kuratore 'n vrywilliger aanwys om met die Deputate Hulpbehoewende Studente te skakel om die saak van die befondsing van studente verder stroombelyng te maak.

#### 4. Afsluiting

Ds P Nel sluit die vergadering met 'n gebed. ✠



Volwassenes het 'n belangrike taak om die kinders te help om plek te maak vir hul gevoelens.

#### Hoe rou kinders?

Elke mens, groot of klein, sal, wanneer hy met rou te make kry, bepaalde herkenbare reaksies vertoon. Elke mens is uniek, elke situasie is anders.

Om beter te verstaan hoe kinders reageer, is dit belangrik om te weet hoe kinders oor die dood dink.

#### Babas en peuters tot drie jaar oud

Die heel klein kinders, tot ongeveer drie jaar oud, het nog geen besef van die dood nie. Tog is die afsterwe van 'n belangrike persoon in hul lewe baie ingrypend. Hulle voel aan dat iets aangrypends in hul direkte omgewing plaasgevind het. Babas is baie gevoelig vir atmosfeer. Hulle kom agter dat iemand wat liefde, warmte en troos aan hulle gegee het, nie meer daar is nie, of dat die atmosfeer in hul omgewing verander het.

#### Peuters en kleuters vanaf drie tot ongeveer ses jaar oud

Kinders tussen drie en ses jaar oud ken wel die verskil tussen lewe en dood, maar hulle het nog geen

werklike voorstelling van die dood nie. Die besef dat die dood 'n finale skeiding hier op aarde beteken, kan hulle nie bevat nie. Hulle dink byvoorbeeld dat 'n mens vir 'n rukkie dood is en dan na 'n rukkie weer lewendig word (soos in hul spel). Daarom sal hulle na 'n tyd vra: "Wanneer kom Oupa weer terug?" As gesê word dat die oorledene by Jesus in die hemel is, dan vorm die kind

die idee dat hy of sy daar voortleef op dieselfde manier, maar net op 'n ander plek.

---

'n Vierjarige meisie het verstaan dat haar pa hemel toe gegaan het. Tog was sy kwaad en teleurgesteld dat hy – 9 maande later – nie gekom het toe sy verjaar nie. "Dit kon hy ten minste gedoen het!"

---

Hierdie voorbeeld wys dat kinders 'n ander voorstelling van die dood het as volwassenes.

As kinders 'n dooie sien, is hulle meestal gerig op uiterlike kenmerke. "Kan Oupa nou nie meer loop nie?" "Het Ouma in die hemel nie 'n bril nodig nie?" Deur vrae oor uiterlike dinge te stel, probeer kinders duidelikheid te kry oor wat presies dit nou is: om dood te wees. Dit is dus alles-behalwe onvanpas as kinders deur middel van "snaakse" vrae probeer om 'n begrip van die dood te kry.

---

Aan 'n seuntjie van vyf jaar oud is vertel dat sy boetie, twee jaar jonger as hy, gesterf het. Hy het daarop reageer deur heftig te huil. Vyf minute later het hy sy trane afgevee en gevra: "Is sy spaarvarkie nou myne?"

---

### **Kinders vanaf ses tot nege jaar oud**

Kinders vanaf ses tot nege jaar oud verstaan al beter wat dit beteken om dood te wees. Tog kan hulle nog nie heeltemal 'n werklike voorstelling daarvan maak nie. Hulle kan moeilik bevat wat presies die dood inhoud en dat elkeen kan doodgaan. Hulle sal dan al gou fantaseer oor wat dit is om dood te wees en hoe die hemel lyk. Soms voel hulle skuldig dat bv. hul pa gesterf het. Dié skuldgevoel ontstaan as gevolg van die gedagte dat hulle op een of ander manier die oorsaak vir die dood was, omdat hulle stout was of kwaad was vir hul pa. Omdat hulle nog nie ten volle verstaan hoe sake inmekaar steek nie, vul kinders die onduidelikhede in met hul eie verbeelding.

---

Pieter, ses jaar oud, wil nie meer by sy maatjie Erik gaan speel nie. Erik se pa is onlangs aan kanker oorlede. Pieter sê: "As ek by Erik gaan speel, kry my pa dalk ook kanker."

---

Vir kinders is dit moeilik om hul onstuimige gevoelens onder woorde te bring. In 'n veilige en bekende omgewing sal hulle dalk deur middel van spel en prentjies iets van hul verdriet laat merk. Maar in die eerste plek sal baie kinders hul verdriet tot uiting laat kom deur liggaamlike gedrag: deur te huil of duim te suig, deur woelig of teruggetrokke te raak.

### **Kinders vanaf tien jaar oud**

Vanaf tien jaar is kinders al hoe meer in staat tot logiese denke. Hulle begin beseft dat die dood definitief is en dat dit met almal kan gebeur. Hulle realiseer dat "Pa nie meer huis toe kom nie". Elkeen kan, deur verskeie oorsake, tot sterwe kom. As iemand sterf, kan dit wees as gevolg van siekte, ouderdom of 'n motorongeluk. Omdat hulle beter kan "redeneer" oor die afsterwe en meer realiteitsbeseft het, probeer hulle dikwels om "dapper" voor te kom. Daardeer hou hulle hul gevoelens vir hulself. Maar eintlik weet hulle geen raad daarmee nie. Ook hulle het 'n veilige en bekende omgewing nodig.

### **Enkele wenke vir die ondersteuning van kinders in hul rouproses**

1. Die verwerking van verdriet is nooit klaar nie. Dit duur lewenslank. Jy is nooit klaar daarmee nie. Met verloop van tyd word dit wel anders.
2. Gee korrekte en duidelike inligting oor die dood aan kinders. Soms gebruik volwassenes woorde soos "op reis gaan" en "slaap". Dit skep onduidelikheid by kinders. Ook word die hemel soms verbeeldingryk en kleurrik voorgestel. Onthou dat kinders hul dit baie anders kan voorstel.
3. Gee aan kinders die ruimte om te rou. Gee aan hulle die geleentheid om juis ook op onverwagse maniere en oomblikke uiting daaraan te gee. Soms raak kinders van stryk deur 'n lastige opmerking. Reageer daarop as kinders indirek hul verdriet wys. Dit kom tot uiting in gedrag of liggaamlike klagtes. Soms is hul emosies heftiger in die tweede en derde jaar na 'n verlies. 'n Opmerking soos: "Is dit nou nog nie beter nie?" is beslis onvanpas.
4. As ouer moet jy ook jou eie emosies toon. Dit maak nie saak as kinders hul ouers sien huil nie. Dit kan hulle laat skrik, maar dit gee hulle ook 'n gevoel van betrokkenheid.
5. Sorg vir veiligheid en kontinuïteit. Wanneer kinders 'n pa of 'n ma verloor, verloor hulle hiermee saam ook vertroude versorging. Die pa wat gehelp het met huiswerk of saamgegaan het sokkerveld toe. Of die ma wat gewag het met lekker eet- en drinkgoed as jy moeg van die skool af gekom het. Kinders ly 'n dubbele verlies. Is daar iemand in die nabye omgewing wat beskikbaar is vir die kind? Dit kan 'n tannie wees, 'n buurvrou of 'n ouma. Van deurslaggewende belang is: wie kan die kind die beste vertrou?

6. Kinders verloor nie net 'n boetie of 'n sussie nie, maar ook verskeie aktiwiteite binne die gesin. Skielik is 'n kind die oudste of die enigste. Behalwe vir die verlies van 'n boetie of 'n sussie, is daar die verlies van baie ander dinge. 'n Maatjie om mee te baklei, 'n maatjie wat saam met jou gaan swem.
7. Is God ook daar vir kinders wat rou? Die Here wil troos bied en by jou wees. Kan jy hierdie troos aan die kinders voorhou en kan hulle iets daarmee doen? In die Bybel is daar baie woorde van troos. Kinders mag weet dat God ook by hulle is wanneer hulle baie verdriet het (Psalm 23). Juis in verdriet kan kinders iets bemerk van die hoogte en diepte van God se trou en liefde. Alle vrae, ook woede en twyfel, mag na God gebring word. Daar is nie 'n antwoord op alle vrae nie. Ouers mag ook wys dat hulle nie op alle vrae 'n antwoord het nie. Gebed kan kinders troos. Gaan saam met jou kind(ers) na die Here jou God en plaas die lewe van jouself en die kinders in sy hande. Vra aan ander om te bid as dit (nog) te moeilik is.
8. Maak gebruik van rituele en simbole. Daar is allerlei gebruike wat kan help om vorm te gee aan groot en ingrypende gebeurtenisse. Byvoorbeeld: brand 'n kersie, maak 'n fotohoekie, gedenk die oorledene op spesiale dae soos bv. sy verjaarsdag, ens.
9. Om te troos is om werklik goed na die kind te kyk en aan te voel wat hy nodig het. Om te troos is om beskikbaar te wees en veilige nabyheid te verskaf. Let op die spesiale dae vir die kind. Om te troos is soms baie prakties: kook 'n ete of doen iets saam. Om te troos is om die moed te hê om oor die oorledene te praat.

Vertaling van: *Rouwverwerking bij kinderen* deur Marja Bos-Meeuwssen. Uit: *Wegwijs*, jaargang 59(8), Oktober 2005. ☩

# Vier 'n geestelike feesmaal (Slot)

- Die viering van die nagmaal op Goeie Vrydag

Dr Jan Smelik



## KERKLIKE SAKE

### **Maaltyd: verbond en gemeenskap**

Christus het die nagmaal ingestel as maaltyd van die nuwe verbond. Van oorsprong sluit die nagmaal aan by die Bybelse gegewe dat 'n maaltyd uiting gee aan verbond en verbondenheid. In die Skrif was die hou van 'n maaltyd nou verbonde aan begrippe soos "gemeenskap" en "verbond". Nadat Jakob en Laban 'n verbond gesluit het, het hulle 'n kliphoop as gedenksteen opgerig en "... daar op die hoop geëet." (Genesis 31:43-46). Ons kan ook dink aan Exodus 24 (vs 9-11) waar geskrywe staan dat Moses, Aäron, Nadab en Abihu ná die verbondsluiting die berg Sinai opgeklim het, en "... hulle het God aanskou; daarop het hulle geëet en gedrink."

So is ook die nagmaal 'n maaltyd in die Oosterse sin van die woord: dit is die maaltyd waarin herstel van die gemeenskap met God gevier word, en as uitvloeisel daarvan: ook die gemeenskap met mekaar (diakonie!).

Ons sien dus dat die nagmaal méér is as die herdenking van Christus se lyding en sterwe. Dit is tegelyk die maaltyd van die *opgestane* Here en dit is ook die maaltyd waarin die gemeenskap met God en met mekaar gevier word.

### **Toekomsverwagting**

In die Skrif lees ons herhaaldelik dat die maaltyd oor die algemeen as 'n feestelike gebeurtenis beskou is. Dit geld ook vir die nagmaal. Daar is blydschap oor die heil in Christus, oor die gemeenskap met God en met mekaar. En daar is blydschap oor die ryk van God wat eendag ten volle geopenbaar sal word.

Daarmee kom ons 'n ander aspek teë wat fundamenteel is vir elke nagmaalsviering: die nagmaal is onlosmaaklik verbonde aan die Christelike toekomsverwagting en

die besef dat die Messiaanse heilstyd aangebreek het. Die onverbreeklike verbondenheid van die nagmaal met Christus se toekoms en wederkoms blyk uit wat Paulus in 1 Korinthiërs 11 skryf: "want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom."

Christus self het 'n noue verwantskap tussen die nagmaal en die koninkryk van God gelê. Daar is mos 'n beker van die *nuwe verbond*. By die oorhandiging van die beker het Hy gesê: "... Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader." (Matthéüs 26:29; vgl. Markus 14:25; Lukas 22:15-17).

Die nagmaal is die maaltyd van die Messiaanse ryk wat deur Christus se dood en opstanding gevestig is en wat by sy wederkoms voltooi sal word. Nagmaal is die maaltyd van die voleinding; aan die nagmaalstafel ontvang die kerk 'n voorsmaak van die bruilofsmaal van die Lam (Openbaring 19:9). Daardie bruilof gaan gepaard met blydschap, vreugde en lofprijsing, soos duidelik blyk uit Openbaring 19:7. Nagmaalsviering is 'n *vreugdevolle* gebeurtenis; dit is die "*heerlike* gedagtenis van die bittere dood" van Jesus Christus (gebed, klassiek-gereformeerde nagmaalsformulier).

Die sakrament kán nie – by wyse van variasie – 'n vreugdevolle karakter kry nie, maar hét dit volgens sy aard altyd. Blydschap, vreugde en danksegging kenmerk nie maar net bepaalde oomblikke voor, tydens of na die nagmaalsviering nie, maar dit kenmerk die *hele* viering. Die naam "eucharistie" (= danksegging) wat in die kerkgeskiedenis vir die nagmaal gebruik

is, is daarom 'n pragtige benaming, omdat dit 'n treffende tipering van die sakrament is.

Die heilige nagmaal is geen uitsondering op die Bybelse reël dat vreugde, blydschap en feesviering hand aan hand gaan met die bereiding van (fees)maaltye nie. Daarvan is daar baie voorbeelde, soos bv. Jesaja 25:6-12. Die vreugde oor die eskatologiese voltooiing bereik 'n hoogtepunt wanneer die HERE op die berg Sion 'n feesmaal vir alle volke berei.

In werklikheid is die nagmaal deur die Here Jesus ingestel tydens die pasga, 'n onbetwisbare vreugde-maaltyd ter gedagtenis aan die uittog, die bevryding uit Egipte. So is die nagmaal 'n vreugdevolle gedagtenis aan die uittog uit die ballingskap van sonde en dood. Dus: passie én Pase in een. Weer eens sien ons dat die nagmaal nie eensydig aan Gólgota gekoppel kan word nie.

Ons moet dus daarteen waak dat die vreugdevolle karakter wat eie aan die nagmaal is, nie te veel onder druk kom nie, bv. deur dit nou juis op Goeie Vrydag te wil vier.

### **'n Geestelike feesmaal**

Die pleidooi om op die Vrydag voor Paassondag die sakrament te bedien, hang saam met 'n visie op die nagmaal waarin die aspek van die verkondiging van Christus se lyding en sterwe oorheersend is. Vermoedelik speel die feit dat gereformeerdes meestal die selfbeproeving en die sondebeseft in die kader van nagmaalsviering beklemtoon, ook hierin 'n rol, wat vanuit die geskiedenis (met name die Nadere Reformasie) verstaanbaar is. Ook hierdie sake pas beter by Goeie Vrydag as by Paasfees.

In hierdie verband word daarop ge-wys dat die klassiek-gereformeerde nagmaalsformulier nogal nou aan-sluit by hierdie eensydige visie op die nagmaal. Al is die formulier ryk en mooi, tog word bepaalde aspekte van die nagmaalsviering, soos die onderlinge gemeenskap en die eska-tologiese verwagting, onderbelig. Dit lê dus voor die hand dat die nagmaals-formulier een van die oorsake is dat die nagmaal meer geassosieer word met Goeie Vrydag as byvoorbeeld met Christus se wederkoms.

Hierdie visie op die nagmaal sal versterk word wanneer ons in die erediens op Goeie Vrydag die nagmaal sou vier. Dit sal verseker daartoe lei dat in daardie eredienste - as gevolg van die nagmaalsviering - iets van Christus se lyding op 'n besondere manier ervaar word. Maar 'n gevolg sal ook wees dat funda-mentele aspekte van die nagmaal (nog meer?) op die agtergrond geskuif word of selfs uit die sig verdwyn.

Sodoende het die nagmaalsviering op Goeie Vrydag onherroeplik 'n negatiewe effek op die vreugdevolle sowel as die eskatologiese karakter

wat eie aan die sakrament is. Op die Vrydag voor Paasfees kom ons mos in die besonder byeen om die lyding en sterwe van die Here te gedenk. Binne hierdie liturgiese konteks word die nagmaal feitlik outomaties (te) eensydig beklemtoon as 'n maaltyd ter gedagtenis aan Christus se lyding en sterwe. Soos blyk uit die geskie-denis van ander kerkgenootskappe, is dit nie denkbeeldig nie dat die viering van die heil dan te veel ont-aard in rou oor Christus se dood. Die "geestelike feesmaaltyd" (NGB art. 35) kry 'n sweem van rou en word op Goeie Vrydag onafwendbaar meer van 'n "lydensmaaltyd".

### **Slotsom**

Samevattend kan die gevolgtrekking gemaak word dat dit nie wenslik is om op Goeie Vrydag die nagmaal te vier nie. Die argument wat in die kerkgeskiedenis verskeie kere gehoor is, nl. dat Christus se lyding en sterwe dan te veel ontkoppel word van sy opstanding, is vandag nog net so sterk.

Bowendien het dit uit die geskiedenis geblyk dat 'n nagmaalsviering op Goeie Vrydag die nagmaal te beperk belig vanuit Christus se lyding,

waardeur ander ewe belangrike aspekte van die nagmaal nie of amper nie aan die lig kom nie.

Die gevolgtrekking staan ook in verband met die feit dat daar in die gereformeerd-protestantisme in die meeste eredienste geen nagmaal gevier word nie. Wanneer die nag-maalsviering wel die onderwerp van bespreking is, dan handel dit, heel tereg, oor die frekwensie van die viering. Sou die frekwensie vermeerder word, dan moet in die eerste plek nie aan Goeie Vrydag nie, maar wel aan Paasfees gedink word.

Uit die kerkgeskiedenis – ook die gereformeerde tradisie - het geblyk dat dit die praktyk (of eerder: die wens) was om in elk geval met Paasfees, Pinksterfees en Kersfees die nagmaal te vier. As ons vandag die nagmaal meer dikwels wil vier, dan moet dit in oorweging geneem word om eerder aan hierdie feesdae te dink.

*Vertaling van hoofstuk 10 uit: Gods lof op de lippen: Aspecten van liturgie en kerkmusiek, deur dr Jan Smelik.*

*Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer.* ☒

---

## **TUGBEOEFENING IN DIE GEREFORMEERDE SKOOL (II)**

Henria Stolper

### **OPVOEDING EN ONDERWYS**

#### **Tugmiddele:**

Dit is die middele wat opsetlik deur die onderwyser gebruik kan word om die kind op die regte pad te lei. Die middele kan as voorkoming of as herstelling dien.

#### **A. Indirekte middele**

Dit is middele waardeur die onderwyser beheer uitoefen en voor-komend optree sodat leerlinge op die regte pad gehou kan word. Hierdie wyse van dissiplinering is die hoogste doel wat elke onderwyser moet probeer nastreef.

**a. Die persoon van die onderwyser beheers die dissipline.** Onderwysers met 'n sterk persoon-

likheid, sagmoedigheid en nederigheid handhaaf dikwels goeie, gesonde dissipline. Die onderwyser se organi-sasievermoë en roetine dra grootliks by tot 'n rustige gedissiplineerde at-mosfeer. Die fisiese toestand van die klaskamer kan bydra tot wanorde en onrus. Klaskamers moet dus altyd netjies, skoon en lugtig wees en die temperatuur gematigd. Dit is ook belangrik om die leerlinge so te skuif dat dié wat ander se aandag wil trek, nie die geleentheid daartoe kry nie en dat maats nie kans kry om heelyd met mekaar te kuier nie. Die onderwyser moet in staat wees om 'n goeie gees te skep waar leerlinge se belangstelling aanhoudend geprikkel

word en hulle tot selfwerksaamheid gestimuleer word. Leerlinge moet steeds tot gehoorsaamheid opgewek word. Die onderwyser is immers deur God met gesag bekleed. Belangstelling, selfwerksaamheid en gehoorsaamheid is die drie kenmerke van 'n ordelike klas. Die rol wat onderwysers se betrokkenheid by na-uurse aktiwiteite speel in die dissiplinering van die leer-linge, is nie gering nie. Meneer wat rugby afrig en juffrou wat die meisies dril vir hokkie, boesem gesag in wat tydens lesure op die skoolbanke tot uiting kan kom. Deurdat leerlinge deelneem aan bepaalde besluitneming insake skoolbeheer, word morele oor-deelvorming gestimuleer. Skoolbeheer



het 'n gunstige uitwerking op die voorkoming van wanorde, aangesien selfbeheersing daardeur by die leerlinge aangewakker word.

### **b. Orde in die klas stimuleer gesonde dissiplinerig.**

Die drie kenmerke van 'n ordelike klas, naamlik selfwerksaamheid, belangstelling en gehoorsaamheid, moet steeds fungeer.

#### **- Selfwerksaamheid**

Selfwerksaamheid van die klas begin reeds tydens die onderwyser se voorbereiding van die les. Die onderwyser moet die klas met 'n doelgerigtheid betree en die volle aandag van die leerlinge opeis. Hy moet geen tyd verspeel met allerlei onnodighede nie, maar die hele lesperiode sinvol besig bly. Sy les-aanbieding moet besielend wees en die leerlinge se belangstelling prikkel. Die onderwyser moet egter steeds in gedagte hou dat hy nie 'n vermaaklikheidskunstenaar is nie, maar 'n opvoeder. Hy voed die kinders op (vorm hulle) aan die hand van die leerinhoude. Leerlinge moet bewus wees van die feit dat hulle mede-verantwoordelik is vir die klasgebeure. Die leerproses is 'n gesamentlike onderneming wat tot hulle beswil strek. Leerlinge moet daarom, as hulle daartoe versoek word, prente, artikels of visuele materiaal saambring skool toe. Hulle moet daarvan bewus gemaak word dat hul klasdeelname en huiswerk-opdragte hul Christelike verantwoordelikheid is.

#### **- Belangstelling**

Wanneer 'n onderwyser in staat is om die leerlinge se belangstelling te prikkel, sal dit hulle onbewustelik tot inspanning aanspoor. Hulle sal meer wil weet en moeite daar-voor doen. Die onderwyser moet daarom steeds die leerlinge se aandag op die doel van die les vestig en die konkrete by die abstrakte gebruik. Hy moet, deur middel van woorde, beelde by die kinders oproep. Hy moet eenvoudige verklarings gee vir abstrakte en moeilike probleme en beeldmateriaal gebruik waar wenslik en moontlik.

#### **- Gehoorsaamheid**

Die onderwyser mag, as verteenwoordiger van God, gesag eis. Leerlinge moet leer om die gesag wat God oor hulle aangestel het, te gehoorsaam. Hulle moet hulself vrywillig aan die gesag onderwerp. Die onderwyser moet die gesag met waardigheid handhaaf. Dit beteken dat hy homself moet beheers en self ook gehoorsaam moet wees aan God se wette. 'n Onderwyser wat geen selfbeheersing het nie, kan nie kinders beheer nie. As hy nie self gehoorsaam is aan die gesag wat bo hom gestel is nie, kan hy nie gehoorsaamheid van kinders eis nie.

#### **B. Direkte middele**

Dit is die middele wat aangewend word om die kinders wat die pad byster geraak het, weer op die regte pad terug te bring. Vanweë die sondige aard van die kinders en hul morele oordeelvorming wat nog nie voldoende ontwikkel het nie, pleeg kinders dikwels vele misdade. Aangesien die Gereformeerde onderwyser in die eerste plek 'n opvoeder is, moet hy optree wanneer hy bemerk dat kinders oortredings begaan. Die kwaad mag nie ongestraf bly nie! Skoolstraf dien as leerskool. Kinders moet leer om van die verkeerde pad af te sien. Die onderwyser moet die kinders in waardigheid onderdanig hou. Hy is verplig om oortredings deur sy optrede te voorkom. Hy dien as identifikasie vir die kinders. Wanneer die kind dan tog oortree, moet hy nie die kind straf soos die polisie of die hof dit sal doen nie. In die Gereformeerde skool moet straf altyd as geneesmiddel aangewend word. Hier is nie sprake van vergelding nie. 'n



Prentjie: Aros

Gereformeerde onderwyser maak daarom ook geen persoonlike opmerkings voor die hele klas nie. Hy berispe die kind privaat. Hy ken die oorsake van die oortreding, omdat hy die kind en sy omstandighede ken. Hy laat die leerling wat oortree het, duidelik sien dat hy oortree het en om dié rede ook straf verdien. Die aard en vorm van die straf wat hy toedien, staan ook in die regte verhouding tot die oortreding. Hy sien toe dat die straf ook by die oortreder pas, want straf moet pynlik wees. Die straf wat hy toedien, volg ook so gou as moontlik op die oortreding. Kortom, die straf wat hy toedien, moet altyd opvoedend van aard wees.

#### **Verskillende vorms van straf:**

**a. Straf met die oog** beteken dat die onderwyser tydens sy les 'n blik van afkeuring of goedkeuring vir die oortreder gee. Selfs wanneer die onderwyser vir 'n kort rukkie sy blik afwend en die kind kortstondig ignoreer, kan dit by sommige kinders die gewenste resultaat oplewer. Hierdie tipe straf is baie ekonomies en tegelyk kragtig, omdat dit weinig invloed op die verloop van die les het en dikwels tog baie positief werk.

**b. Straf met die woord** kan wel die lesverloop effens benadeel. Wanneer die onderwyser wat 'n les aanbied, skielik stilbly en vir 'n spesifieke kind kyk, kan die betrokke kind daardeur weer 'teruggeroep' word. As 'n kind se aandag nie by die les is nie en hy na buite staar, kan die blote noem van sy naam of 'n vraag aan hom gestel, hom dwing om weer aandag te gee. Stembuiging en stemtoonverandering kan die oortreder se aandag ook vestig op dit waarmee hy besig behoort te wees.

Die waarde van vermanings is afhanklik van die mate waarop die kind se gewete reeds gevorm is. Dit is beter om 'n intieme gesprek met die kind te voer, maar wanneer die oortreding die vorm publieke oneerlikheid het, moet die oortreder ook in die openbaar vermaan word. Die onderwyser mag egter nooit spottend, sarkasties of honend

optree of die leerling uitskel nie. Dit is belangrik dat die onderwyser steeds in gedagte hou dat hy besig is met opvoeding en daarom die band wat daar tussen hom en die leerlinge bestaan, nie moet verbreek deur veragtelike optrede nie.

c. Straf met die daad kan dikwels beteken dat die onderwyser 'n bepaalde kind doelbewus vir 'n tydjie moet afsonder. Dit is egter belangrik dat deelname vir so 'n kind moontlik moet bly. Hy moet die lesgebeure kan volg, maar tog in isolasie verkeer. Die onderwyser wat kinders aanhoudend buitentoe stuur of hoof toe stuur, openbaar daardeur dikwels 'n bepaalde onmag. Dit is ook skadelik vir die band tussen die onderwyser en die kind wat nie verbreek mag word nie. Tydelike skorsing uit die klas mag slegs plaasvind wanneer die oortreder 'n gevaar vir die ander kinders is.

Nog 'n manier van straf is om die kind in die klas te laat bly gedurende pouses of na skool. Die geval is egter dat die onderwyser homself dan dikwels ook straf en dit is nie voordelig vir die kind se gesondheid nie. Hierdie wyse van straf kan sinvol gebruik word by opsetlike laatkommery of as werk versuim is. Wanneer die kind in die klas gehou word, is dit belangrik om hom die werk wat hy in sy afwesigheid gemis het, te laat inhaal.

Sinnvolle werk van dieselfde aard kan bygevoeg word, maar strafwerk wat sinloos is, moet vermy word. Liggaamlike straf op skool word deur die regering verbied. 'n Gereformeerde skool behoort gehoor daaraan te gee. Indien die ouers egter daarop aandrang dat hul kind lyfstraf op skool ontvang, mag dit slegs in sekere omstandighede in alle waardigheid plaasvind. Die ouers is in die eerste plek verantwoordelikheid verskuldig teenoor God, wat die bron is van alle gesag, en hulle kan die skool toestemming gee om hul kind, as hy oortree, liggaamlik te straf. Die skool mag dit slegs aanwend as 'n laaste reddende middel. Dit moet altyd in liefde plaasvind en nie as vergelding of vanweë woede of magswellus nie.

d. Beloning word beskou as 'n positiewe tugmiddel. Dit dien as aanspooring om op die goeie pad te gaan. Gereformeerde opvoeders leer die kinders dat die mens geroep is om die goeie te doen, dat dit die plig van elke kind is om gehoorsaam te wees. Daarom moet beloning in die skool nie plaasvind om goeie gedrag te weeg te bring nie, maar juis as gevolg van goeie gedrag.

Die jong kind se geestelike ontwikkeling word deur die sintuiglike bevordering en daarom kan die kind beloon word vir sy harde werk en goeie gedrag.

Dan word beloning eintlik 'n bewys van tevredenheid. Dit mag nooit die vorm aanneem van voorafbepaalde omkopery nie. Beloning mag slegs by uitsondering vir gedrag en vlyt gegee word en nie vir akademiese prestasies nie. Daar is verskillende maniere waarop kinders beloon kan word. 'n Blik van juffrou of 'n woord is soms al genoeg om kinders aan te moedig en te prys. Materiële beloning soos 'n blink sterretjie in die werkboek of 'n persoonlike nota onderaan die werk bemoedig ook.

### **Samevatting**

Die Gereformeerde onderwyser voorkom oortredings en handhaaf tug eerstens deur indirekte middele wat aan sy persoon en werkswyse gekoppel is. Wanneer 'n kind oortree, moet die opvoeder optree en die kind weer op die regte pad lei. Dit vind plaas deur direkte middele soos straf met die oog, woord of daad. Beloning word by uitsondering gebruik om tevredenheid oor kinders se gedrag en vlyt te toon en dien as aanmoediging om te volhard. Die Gereformeerde onderwyser tugt altyd in liefde en maak seker dat die band tussen hom en die kind nie verbreek word nie en die kind van die verkeerde pad gered word. Mag die Here ons so in sy diens gebruik. ☩



**FOLMER BOEKHANDEL**

19e Laan 283, Villieria  
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031  
Faks 012 329 5927



in die geding: die mens wat 'n streep wil trek deur die alleen, deur die geloof alleen, deur Christus alleen. Galasiërs trek egter 'n dik streep deur die mens se pogings om 'n bydrae tot sy eie saligheid te lewer. Daarteenoor onderstreep dit die evangelie van Jesus alleen. 142 ble, harde band. Die prys is R85 + posgeld.

### Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad  
**Folmer Boekhandel**  
(Petro Drijfhout)  
Bondstraat 7  
Oakdale, Bellville  
7530  
Tel 021 – 948 5883

Pretoria  
**Rooiels Boekhandel**  
(Irene van der Meer)  
Laseandraalaan 115  
Môregloed  
0186  
Tel 012 – 333 8064



# Sinode Amersfoort 2005 van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrygemaak)

Ds Pieter Boon

## RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Elke drie jaar vergader die sinode van ons susterkerke in Nederland. In 2005 het dit gebeur in die stad Amersfoort. Ondertussen is ons al weer 'n jaar verder en het die Acta (= notule) van hierdie sinode verskyn. Hoog tyd dus om kortliks aan die belangrikste besluite aandag te skenk. In feite was alle besluite belangrik, tog neem ek die vryheid om 'n paar uit te sonder. Besluite wat vir ons hier in Suid-Afrika ook raak, gesigsbepalend gaan wees vir die koers van die Nederlandse susterkerke in die komende jare. Voordat ons hiermee begin, net eers 'n enkele opmerkings oor hoe hierdie sinode te werk gegaan het.

Sedert enkele jare gelede het ons susterkerke in Nederland (voortaan: GKNv) 'n gewysigde vergaderstruktuur as dit by sinodes kom. Daar word nie meer dae aanmekaar vergader nie. Die sinode vergader hoofsaaklik net op Vrydae en Saterdag. Hierdie nuwe metode het sowel voor- as nadele. 'n Voordeel is dat die poel van beskikbare ampsdraers om af te vaardig, groter word. Want nie net afgetrede broeders nie, maar ook dié wat nog volop in die arbeidslewe betrokke is, kom hierdeur in aanmerking. Dit is makliker om net 'n Vrydag af te neem by jou werk as byvoorbeeld 'n hele maand aanmekaar. Tog vra ek myself af of daar dan so min afgetrede broeders beskikbaar is. Of is dit 'n bewuste poging om die gemiddelde ouderdom van die sinodegangers te verlaag? Word die oudstes in die kerke dan nie meer na waarde geskat nie? Is dit 'n stukkie wêreldgelykvormigheid, omdat in die huidige Westerse wêreld ou mense maklik opsy geskuif word? Hopelik is my vermoede totaal ongegrond. In elk geval is 'n groot voordeel van so 'n 'uitgerekte

sinode' ('n hele paar maande lank) dat afgevaardigdes en deputate baie tyd het om deeglik voor te berei. Ek dink dat dit beslis die kwaliteit van besluitneming ten goede gekom het. Hoewel, die groter tydsduur het ook 'n nadeel. Dit word byvoorbeeld vir buitelandse afgevaardigdes so te sê onmoontlik om die hele sinode by te woon.

Maar goed, kom ons kyk 'n bietjie na besluite wat geneem is. Ek wil graag op die volgende konsentreer:

### **Kerklike eenheid**

Die sinode Amersfoort het nuwe riglyne opgestel wat betref plaaslike samewerking van kerke met gemeentes uit ander kerkverbande. Hierdie riglyne verskil aansienlik ten aansien van die betrokke kerk waarmee kontak onderhou word. Om 'n voorbeeld te noem: met die *Christeljk Gereformeerde Kerken* bestaan daar op nasionale vlak reeds 'n groot mate van ooreenstemming en wedersydse erkenning as ware kerke. Dit het tot gevolg dat die plaaslike kontakte ook gevorderd kan wees. Dit geld egter nie vir die *Nederlands Gereformeerde Kerken* nie. Juis vanweë hul omstrede VOP-besluit in 2004 (VOP = Vrouwelike Ouderlingen en Predikanten) het die nasionale kontakte op 'n doodloopspoor beland. Dit het tot gevolg dat die plaaslike kontakte tussen gemeentes nie langer geïntensiveer kan word nie. Intendeel! Met stagnerende nasionale samesprekings kan plaaslike samewerking tussen gemeentes uit hierdie kerkverband nie onbekommerd voortgaan nie. Die sinode het dan ook met teleurstelling kennis geneem van hierdie VOP-besluit van die *Nederlands Gereformeerde Kerken*.

Oor die algemeen kan ons hier in Suid-Afrika met dankbaarheid



kennis neem van die sorgvuldige manier waarop die sinode Amersfoort interkerklike kontakte in Nederland in goeie bane probeer lei het.

### **GKSA (Dopperkerke)**

Soos moontlik reeds by u bekend, het die sinode Amersfoort besluit om die Dopperkerke (GKSA) as susterkerke te aanvaar. Hierdie besluit was al in die pyplyn op die Zuidhorn-sinode, maar is toe met name deur die VGKSA-afgevaardigdes teëgehou. Maar nou in Amersfoort (waar geen VGKSA-afgevaardigdes aanwesig was nie) is daar gemeld dat, hoewel die VGKSA nog nie sover is om met die Dopperkerke 'n susterkerkverhouding aan te gaan nie, hulle geen probleme het as die GKNv dit wel doen nie. Persoonlik wonder ek of dit 'n korrekte weergawe van die VGKSA se standpunt is. En indien wel, moet dit nie hersien word nie? Verseker in die lig van die VGKSA-sinode Pretoria-Maranata van 2005. 'n Dringender vraag in hierdie verband is egter: sou dit nie veel beter gewees het as die sinode Amersfoort die sorgvuldige wyse van interkerklike kontakte wat hulle hanteer binne eie landsgrense, ook internasionaal toepas nie? Die VGKSA (o.a. Deputate vir kontakte met binnelandse kerke) is in 'n sorgvuldige proses van samesprekings met die Dopperkerke betrokke. Goed vergelykbaar met wat die GKNv doen met die *Christeljk Gereformeerde Kerken* en die *Nederlands Gereformeerde Kerken*. 'n Mens kan dit daarom nogal onvanpas noem dat ons susterkerke in Nederland so

'n kortpad geneem het. Sal hulle dit waardeer as die VGKSA dieselfde sou doen met byvoorbeeld die *Christelik Gereformeerde Kerken* in Nederland? Sonder om die same-sprekings wat hulle voer, ernstig op te neem? 'n Goeie kerkregtelike beginsel is dat 'n bestaande susterkerk-verhouding in 'n land nie gesystap word met die aangaan van 'n nuwe verbintenis nie. Laat die kerke wat ver is, dan maar liewers 'n meer terughoudende stelling inneem, en vashou aan die koers van die susterkerke wat nader aan die vuur sit. Laat susterkerke so 'n aangeleentheid eers onderling uitklaar, al lewer dit ernstige gesprekke op. Bespeur ons dalk hier 'n soort paternalisme (of, as jy wil, maternalisme) van die ou 'moederkerk' teenoor die 'dogterkerk' in Suid-Afrika?

Hierdie saak is kommerwekkend in die lig van die feit dat daar binne die Doppekerke 'n beweging aan die gang is wat goed vergelykbaar is met dié binne die *Nederlands Gereformeerde Kerken*, veral wat betref die standpunt oor die vrou in die ampte. Tereg het die sinode Amersfoort gekonstateer dat die nasionale vergadering van die *Nederlands Gereformeerde Kerken* die Bybel wat hierdie saak betref op 'n hermeneuties ongereformeerde wyse verdraai het. Des te meer verbaas dit dat 'n susterkerkverhouding met die Doppekerke nou aangegaan is. Sou dit dalk wees omdat die groot afstand dit vir die betrokke Nederlandse deputate moeilik maak om 'n goeie beeld van die Doppekerke te vorm? Juis dit sou nog meer daarvoor pleit om geduldig na die adviese van die VGKSA in hierdie saak te luister. Of sou die betrokke Nederlandse deputate hierdie ontwikkeling minder negatief beskou as die sinode Amersfoort? Kon die betrokke deputate nie méér aangesluit het by die plaaslike same-sprekings wat daar wel in Suid-Afrika is nie? Ek dink byvoorbeeld aan die belowende plaaslike kontakte met die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar. Hoekom het die GKNv hierdie gemeente en dié wat saam met hulle

die goeie stryd vir die waarheid in die Doppekerke stry, nie méér 'n riem onder die hart gestee nie?

Vergun my ten slotte om nog die vraag te vra wat hierdie nuwe susterkerkverhouding tussen die GKNv en die Doppekerke sal inhou. Dit wil vir my voorkom of dit nie veel meer as op akademiese vlak sal funksioneer nie. Want wedersyds bestaan daar goeie kontakte tussen sommige kerkeleiers aan beide kante. Maar is daar veel meer? Ek waag om dit te betwyfel.

### **Reformanda**

Dieselfde gesonde kerkregtelike beginsel soos hierbo genoem, is verlede jaar toegepas op die VGKSA-sinode ten aansien van die 'Reformandawegbreekgroep' in Nederland. Die sinode Pretoria-Maranata van 2005 het naamlik 'n uitnodiging van hierdie groep kerke gekry om 'n susterkerkverhouding aan te knoop. Dit was met dankbaarheid dat die sinode Amersfoort kennis geneem het van die VGKSA se opstelling teenoor die 'Reformanda-groep'. Hoewel daar kommer heers ten aansien van bepaalde tendense in ons Nederlandse susterkerke, het 'Reformanda' 'n oneerlike weergawe van sake geskets. Dit sou teenstrydig wees as die VGKSA 'n verbintenis met hierdie groep kerke aangaan, sonder dat die 'etiese konflik' wat hulle met die GKNv het, eers opgelos is nie.

### **Huwelik en Egskeiding**

In 'n gesekulariseerde samelewing word ons susterkerke gekonfronteer met die voortdurende aftakeling van die Christelike huwelik, óók binne die kerkmure. Dit is iets wat Gereformeerdes aan beide kante van die ewenaar tot verootmoediging dwing! Die voorgaande sinode in Nederland, gehou in Zuidhorn, het die kerke daarom indringend opgeroep om hulle hieroor te verootmoedig! Hoe kon dit sover kom dat die wêreldse houding ten aansien van die huwelik so posgevat het binne die lewens van kerkmense? Is die televisie met al sy sepies dalk te veel aangeskakel? 'n Deputaatskap is opgedra om

indringend na hierdie saak te kyk, met name ook wat betref die sogenaamde redes vir egskeiding. Wanneer is dit geoorloof om te skei? Tradisioneel is daar in die Gereformeerde Kerke oor redes vir egskeiding gepraat. Sommige het beweer dat daar slegs een rede vir egskeiding is: in die geval van owerspel. Ander Gereformeerdes het beweer dat, in ooreenstemming met 1 Korinthiërs 7, kwaadwillige verlating ook 'n wettige rede vir egskeiding kan wees. Die praktyk wys egter uit dat dit vir kerkrade verskriklik moeilik is om konkrete gevalle van huweliksprobleme en egskeiding binne hierdie rede(s) 'in te pas'. Dit is om dié rede dat deputate voorgestel het om die saak heeltemal om te swaai. As ons begin met die vraag: *Wanneer mag iemand skei?*, begin ons verkeerd. Laat ons eerder begin by die Skriftuurlike uitgangspunt wat oproep tot huwelikstrou, en dat dit geensins geoorloof is om te skei nie. Selfs in geval van owerspel is die eerste opdrag om 'n huwelik te herstel. Dit is die weg van bekering, skuld-belydenis en vergewing. Die klem val op die styl van die koninkryk. Dit beteken dat alles wat ons op aarde doen, gesien moet word in die lig van die komende koninkryk. Ons lewe is 'n voorbereiding daarop! Dieselfde geld vir die vraag: *Wanneer mag iemand hertrou?* In hierdie verband het die sinode 'n duidelike boodskap laat klink in 'n wêreld vol ontrou. 'n Ja-woord voor God geld lewenslank! "Tot die dood ons skei." Daarom is besluit om voortaan geen tweede huwelike kerklik meer te bevestig nie. Ons besef dat dit 'n groot opoffering inhou vir bepaalde mense (veral vir persone wat deur hul eggenoot verruil is vir 'n ander of wat kwaadwillig verlaat is), maar in die lig van die koninkryk wat op koms is, kry sulke mense die krag om hulle las in hierdie tydelike lewe te dra. En uiteraard dra hulle hierdie las in die midde van die kerkgemeenskap, wat saam behoort te dra! Wanneer kerklede egter tog deurdruk en 'n tweede huwelik aangaan, word so 'n huwelik nie kerklik bevestig


nie. Die betrokke kerkraad kan dan 'n openlike afkeuring vanaf die kansel hieroor uitspreek. Dit geld vir gevalle waar die situasie geduld moet word. Want dit kan gebeur dat 'n hertroue 'n groter kwaad kan voorkom. Dink byvoorbeeld aan 'n moeder wat deur haar man in die steek gelaat is deurdat hy weg is met 'n ander vrou. As so 'n moeder met 'n paar kinders agterbly, sal die opvoeding vir haar 'n baie swaar las wees. Sy kan oorweeg: of die risiko loop dat die kinders op die verkeerde pad beland omdat sy nie in staat is om hulle alleen goed op te voed nie, of sy hertrou om so 'n risiko te voorkom. Ook in so 'n geval is dit in die styl van die koninkryk as hierdie persoon aangemoedig word om nie te hertrou nie, en so die pad oop te hou vir herstel van die huwelik. 'n Vrou/man wat hiervoor kans sien, verdien hoë agting en sal groot genoem word in die koninkryk van God! Maar dit kan ook gebeur dat 'n persoon nie die krag en deursettingsvermoë het om hierdie dikwels eensame pad vir die res van haar/sy lewe te loop nie. In so 'n geval kan die kerkraad daarin berus (of dit in elk duld) as sy/hy 'n tweede huwelik aangaan. Die feit dat so 'n huwelik egter nie kerklik bevestig word nie, is 'n openbare teken dat dit nie in lyn is met God se oorspronklike bedoeling nie. In 'n gebroke wêreld is dit gedoen om 'n groter kwaad te voorkom.

Daar bestaan egter ook ander gevalle waar dit – in teenstelling tot bogenoemde voorbeeld - duidelik is dat 'n persoon in sonde lewe. Dan is die kerkraad geroepe tot die voorskriftelike tugbediening, wat kan lei tot afsnyding by die uitbly van bekering.

Dit is ons bede dat kerkrade hierdie riglyne in Geestelike verantwoordelikheid sal toepas. Want vir elke riglyn en besluit geld: word dit gehanteer op 'n konstruktiewe wyse? Of word daar meer gekonsentreer op moontlike skuiwergate om ongeestelike gedrag te sanksioneer? Op dié manier word Skriftuurlike riglyne uitgehol. Laat ons veral die koninkryk van die

hemele in die oog hou! Ten slotte kan by hierdie onderwerp gemeld word dat 'n raad van advies ingestel is om individuele kerkrade te help met sake rondom egskending. Die sinode Zuidhorn het hierdie raad reeds ingestel. Die sinode Amersfoort het, ook in die lig van die positiewe terugvoer uit die kerke, besluit om die raad te handhaaf.

Ons kan met opregte dankbaarheid kennis neem van hierdie moedige besluite van die sinode Amersfoort! Besluite waarby ons kerke miskien in die toekoms ook veel baat kan vind.



#### **Vierde gebod en Sondag**

Nog 'n agendapunt op die sinode Amersfoort wat deur baie met inspanning gevolg is, is ten aansien van die vierde gebod en die Sondag. Kortliks kom dit hierop neer: In die vierde gebod word die volk Israel opgeroep om op die sabbatdag, dit is die sewende dag, te rus. Die kerk van die Nuwe Testament het egter die sewende dag vervang met die eerste dag van die week, die Sondag, Christus se opstandingsdag. Nou is die punt van bespreking of die vierde gebod ook vir die Sondag geld. Of om dit anders te stel: die feit dat Christene op Sondag rus, is dit iets wat direk gegrond is in die vierde gebod? Of is dit 'n ou tradisie wat gegrond is in die geheel van die boodskap van die Nuwe Testament?

Nou mag dit klink asof dit bloot 'n tegniese teologiese kwessie is. Tog is dit nie so nie. Dit word deur baie Christene beleef as eksistensiële, omdat – sou die tweede opsie hierbo genoem juis wees – volgens hulle die gevaar bestaan dat die deur op 'n skrefie oopgemaak word na die afskaffing van die Sondagsrus. Hul oproep is daarom helder: moenie hierdie onderwerp problematiseer nie. Stel dit doodeenvoudig duidelik dat die Sondagsrus teruggaan op die vierde gebod. Tog het die sinode Amersfoort besluit om nie vir een van beide opsies te kies nie. Beide beskouings ontvang dus 'n wettige plek in die kerke. Wel het die sinode duidelik gestel dat – watter beskouing ook al gehuldig word – in beide gevalle die SondagsRUS nie 'n opsionele saak is nie. Sondagsviering (wat kerkgang inhou) en Sondagsrus kan nie van mekaar geskei word nie!

As begroning vir hierdie standpunt-inname is onder andere daarop gewys dat die Heidelbergse Kategismus in Sondag 38 ook nie eksplisiet vir een van beide opsies kies en die ander een uitsluit nie. Tog is dit wel opvallend – om hierdie punt mee af te sluit – dat die Westminster Konfessie wel eksplisiet die Sondag as Rusdag begrond op die vierde gebod. Nou funksioneer hierdie belydenisskrif binne die GKNv nie as 'n amptelike dokument nie, maar wel binne heelwat susterkerke van die GKNv, asook binne die ICRC. Sou dit daarom nie beter gewees het nie as die GKNv eers die internasionale broederskap oor hierdie punt geraadpleeg het alvorens self 'n sinodale uitspraak hieroor te maak nie?

#### **50% subsidie vir die TUK**

Tot vandag toe word die Teologiese Universiteit in Kampen vir 100% gefinansier deur die kerke binne die GKNv. Tot vandag toe was dit 'n beginselkwessie: wie betaal, bepaal ook die koers van die universiteit. Die sinode Amersfoort het egter besluit om van hierdie beginsel af te wyk. Die rede hiervoor is tweërlei. In die eerste plek is dit moontlik om sub-

sidie vir die universiteit van die staat te ontvang. Dit sou beteken dat die universiteit in die toekoms nog veel meer finansiële moontlikhede sal hê om Gereformeerde onderwys en navorsing te verrig. Wie sou nie hierdie moontlikheid aangryp nie? Daar is egter ook 'n tweede rede. Dit word al hoe moeiliker om genoeg fondse uit die kerke vir 'Kampen' bymekaar te kry. Enersyds omdat daar meer geld in 'Kampen' nodig is, andersyds omdat die offerbereidheid in die kerke afneem. Dit is om hierdie redes dat die sinode besluit het om in die toekoms te probeer om die staatsubsidie vir 50% te bekom. 'n Positiewe gevolg hiervan kan wees – soos reeds opgemerk – dat daar nog meer finansies beskikbaar kom om die Bybelse, Gereformeerde geluid in onderwys en navorsing te laat hoor. Maar tegelyk moet hieraan toegevoeg word: sal die negatiewe nuwe-effekte nie moontlik hierdie positiewe effek oorskadu nie? Is dit die regte antwoord op die dalende offerbereidheid in die kerke? Sal dit nie net olie op die vuur wees nie? Sal sommige kerklede nie nou redeneer

nie: julle kan nou 50% van die staat kry, maar julle het ook reg op die ander 50%. Waarom moet ek dan nog langer vir die TUK bydra? Nog 'n nuwe-effek – ons bid dat dit sal uitbly – kan moontlik wees dat die staat hom nog meer met die inhoud van die teologiese opleiding in Kampen sal begin inmeng. Wie betaal, bepaal ... Sê nou maar die staat sou in die toekoms sy subsidie terugtrek, omdat 'Kampen' sogenaamd die non-diskriminasiebeginsel oortree? Meisies word naamlik nie toegelaat om in 'Kampen' die spesialisasie wat lei tot die bediening in die GKNv, te volg nie. Wie die onlangse geskiedenis van een van die Christelike politieke partye in Nederland gevolg het, weet dat so 'n scenario nie denkbeeldig is nie.

#### **Nuwe Bybelvertaling**

Sedert die begin van die negentigerjare het die Nederlandse Bybelgenootskap gewerk aan 'n nuwe Bybelvertaling in Nederlands. Deputate vir Bybelvertaling het namens die GKNv intensief aan hierdie projek deelgeneem. Die resultaat – die

*Nieuwe Bijbelvertaling* – het in 2004 verskyn. Dit is oor die algemeen 'n vertaling wat – in teenstelling met ander vertalings – die grondteks van die Bybel getrou probeer weergee, maar dan wel in hedendaagse Nederlands. Wat dít betref is hierdie vertaling baie betroubaarder as die *Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling* van 1983. Die sinode Amersfoort het dan ook hierdie *Nieuwe Bijbelvertaling* met vrymoedigheid aanbeveel om te gebruik tuis, op skool, én in die kerkdienste. Dit beteken dat daar nou in ons Nederlandse susterkerke drie Bybelvertalings is wat amptelik in die eredienste gebruik mag word: die *Statenvertaling*, die *Bijbelvertaling van 1951*, en hierdie *Nieuwe Bijbelvertaling* van 2004.

Laat ek met 'n aanhaling uit hierdie *Nieuwe Bijbelvertaling* afsluit, as 'n opregte bede aan ons Nederlandse susterkerke: “Vrede zij met u. De vrienden hier groeten u. Groet elk van de vrienden bij u persoonlijk.” (3 Johannes 1:15)

(*Webbladsye*: <http://synode.gkv.nl> asook [www.gkv.nl](http://www.gkv.nl)) ☩

## Efesiërs: Loflied op Christus en sy kerk

K Bijzet

### VENSTER OP DIE BYBEL

#### **'n Pragtige en diepgaande brief**

Die brief wat by ons bekend staan as die brief van die apostel Paulus aan die Efesiërs dra 'n baie algemene karakter. In hierdie artikel word net aandag gegee aan die *inhoud* van die brief. Dit is 'n pragtig opgeboude geheel en grawe baie diep. Dit handel oor die kerk van Christus. Of eintlik kan ons beter sê dit handel oor die Hoof van die kerk, Jesus Christus, wat tewens is die Koning van die heelal aan Wie die kerk haar oorsprong ontleen en waarvan sy afhanklik is.

Twee dele kan in die brief onderskei word: hoofstuk 1-3 wat die prinsipiële onderbou van die daarstelling

en eenheid van die kerk beskrywe en vervolgens hoofstuk 4-6 waarin 'n nadere uitwerking van die geleegde fondament gegee word. Ons kan onderskei maar dit mag nooit tot 'n skeiding van die onderdele lei nie.

Paulus rig hom blykbaar veral tot die Christene wat uit die heidene tot geloof gekom het. Die eenheid van die kerk was maar 'n moeilike punt. Het die heiden-Christene teenstand ondervind of verward geraak? In elk geval – Paulus lê op 'n pragtige manier uit hoe die posisie van *alle* lidmate is.

#### **Opbou van die eerste hoofstukke - lofprysing**

Daar is op gewys dat die eerste drie hoofstukke van die Efesiërbrief ooreenkoms vertoon met ou Joodse gebede. Hierdie gebede het altyd elemente bevat soos lofprysing, voorbidding en geloofsbelydenis. In hierdie geval is hfst. 1:3-14 'n lofredede, hfst 1:15-23 bevat voorbidding vir die gemeente; hfst. 2 en hfst 3:1-13 is 'n geloofsbelydenis en oproep; hfst. 3:14-19 verwoord nuwe voorbidding en hfst. 3:20-21 gee die finale lofsegging weer. So 'n indeling kan baie nuttig werk om hierdie diepsinnige hoofstukke te verstaan.

Daar is in die eerste plek alle rede om God te loof. In 'n lang sin wat in ons vertaling twaalf verse omvat word die redes vermeld. Die Drie Persone van die Goddelike Wese word hierby betrek.

God die Vader het ons uitverkies in Christus voor die grondlegging van die wêreld (vs. 4-6). Toe reeds is die grondslag vir lofprysing gelê. Daar is rede om hierdie verkiesende daad te prys omdat ons daardeur weet dat die kerk op vaste grond gestel is.

God die Seun het ons verlos deur sy bloed (vs. 7-10). God se verkiesing word in die tyd gerealiseer.

God die Heilige Gees druk binne die gemeente sy seël hierop af (vs. 11-14).

Ook Moses het, toe die volk Israel by die grens van die land Kanaän gestaan het, die volk uitdruklik gewys op die verkiesing van God (Deut. 7:6-9).

Die Nuwe Testamentiese gemeente mag weet: dieselfde heil geld ook vir hulle, sonder onderskeid.

### **Eerste voorbedding**

“Daarom ... hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek in my gebede aan julle dink nie” (vs. 15 en 16). Die eerste ding wat gedoen moet word, is om God Maar die kerk van Christus, moet ook verder. Daar moet meer insig kom in alle skatte en gawes wat ontvang is.

Paulus bid vir die werking van die Heilige Gees. Hy vra om “verligte oë van die verstand”. Om die “uitnemende grootheid van sy (Christus se) krag” te ken. Want die werking daarvan is “vir ons wat glo”.

God het dit in Christus bewerk toe Hy Hom uit die dood opgewek het en Hom aan die regterhand van God laat sit het. Met die hemelvaart en die sit aan die regterhand van God het die Christus bevoegdheid ontvang bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy. Hy is Koning van die heelal en bly dit tot in die toekomstige eeu. En hierdie Koning is nou die Hoof



*In sy brief aan die Efesiërs gebruik Paulus die bekende gesig van 'n Romeinse soldaat om die “wapenrusting” te beskryf wat Christene benodig om mee te veg – die sild van die geloof, die helm van verlossing, en God se woord as swaard.*

*Foto: Leer die Bybel beter ken  
- M Batchelor*

van sy gemeente. Behalwe die nuwe Israel is die kerk ook die nuwe mensheid. Christus vergader nou alles onder een hoof en regeer daarvoor (1:10 en 21).

### **Geloofsbelydenis: Verlossing uit genade**

Hoofstuk 2 kan hierop voortbou. Die redding deur Christus beteken in die eerste plek verlossing uit die dood tot die lewe. Ons almal was dood deur die misdade. Dooie mense ontvang egter saam met Christus die verlossing deur sy opstanding en die oorwinning in sy hemelvaart. Dit alles ontvang ons uit genade. Daardie genade moet volgens die instelling van God in geloof aangegryp word. Dit word nie deur ons werke verkry nie.

In die tweede plek, so sê vs. 11-18, julle, heidene, was vroeër ver en vervreemd van God. Maar nou het ook

julle naby gekom en het toegang tot God deur een Gees. Die middelmuur wat skeiding bewerkstellig het, is afgebreek. Dit beteken almal kan nou tot die troon van God gaan.

In die derde plek (vs. 19-22), julle is nou nie meer vreemdelinge en bywoners nie. Ook nie die gelowige heidene nie. Almal saam is huisgenote van die geloof, behorende tot die huisgesin, die kerk, wat gebou is op die fondament van apostels en profete. 'n Woning van God in die Heilige Gees.

### **Nuwe voorbedding en lofprysing**

Daarom gaan Paulus weer in die gebed vir die gemeente. Daar is so grote en heerlike dinge gesê, laat tog niks daarvan verlore gaan nie. Mag die Heilige Gees al die gelowiges verlig sodat Christus deur die geloof in hulle harte mag woon. En dat hulle saam met al die heiliges (nie maar een-een nie) in staat kan wees om ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is van die liefde Gods in Christus.

Wie kan dit bereik? Dit kan Hy bewerk wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink. “Aan Hom die heerlijkheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen”.

### **Oproep tot eenheid en 'n nuwe lewe**

In die eerste drie hoofstukke is op 'n pragtige manier verwoord die rykdom van die Nuwe Testamentiese gemeente deur Christus. Nou begin die tweede deel van die brief in noue aansluiting by die eerste deel. “Ek vermaan julle *dan* (of *daarom*) om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is” (4:1). As die gemeente die heerlike beloftes en daad van God in geloof aanvaar, kan dit nie anders nie of dit moet ook in die lewe uitkom.

En dan in die eerste plek deur die eenheid van die gemeente te laat sien. “Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping” (vs. 4). Daar is

**Eienaar en uitgewer:****Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. (012) 332-0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

**Drukker:**

Printburo

Tel. (012) 335-9134

**Redaksie:**

Greet de Vries

Hans Moes

Petro Hofsink

Juul Douma

**Redaksieadres:**

e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel. (021) 919-5176

**Nederland:**

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

**Administrasie:**

Mev. G van der Meulen

Posbus 31195

Waverley 0135

Tel. (012) 332-3639

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

**Vermeld asb.****u Naam & Lidnr****Intekengelde (per jaar):**

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	•10
RSA	per hand	R90
	per pos	R100
Buiteland:		
	Seepos	•30
	Lugpos	•40

allerlei raakvlakke. Daar is ook velerlei gawes. Soos Dawid gawes uitgedeel het toe die ark van God na Jerusalem gebring is (2 Sam. 6:19), so gee Christus met sy hemelvaart ook gawes aan die gemeente. Dit kom spesifiek uit in die amptelike diens wat Hy aan sy kerk gee. Hy rus mense toe om sy gemeente verder te bou in die geloof. Hulle moet tot volle rypheid kom. Om nie heen en weer gedrywe te word deur allerlei leringe nie. Maar om te kan onderskei en vas te staan en as gemeente des te meer een te word in die Hoof, Christus.


Egter, nie net in die eenheid van die gemeente, maar in alle dinge moet blyk dat die gemeente deur die genade van God geraak is. Paulus handel in hierdie verband basies oor die afsterwing van die ou en die opstanding van die nuwe mens.

Vroeër was baie nog heidene en het gelewe soos mense wat verduister is in die verstand; vervreemd van die lewe met God. Oorgegee aan allerhande hebsug en onreinheid. "Maar julle het Christus nie so leer ken nie" (4:20). Hy het anders gelewe. Daarom moet julle nou die ou mens aflê en met die nuwe mens beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid (vs. 22-24).

In aansluiting by die tien woorde van die Verbond (of tien gebooie), word baie dinge genoem. Dit is opmerklik dat by die ou woorde dieper betekenis gevoeg word. Die heilsgeskiedenis het aangestap.

Die goeie dinge wat nou ook gesien kan word, word gekenteken as vrugte van die Gees (5:9). Vrugte groei aan 'n gesonde boom. Waar die Joodse leiers nadruk gelê het op wetswerke om selfverlossing te bewerk, kom die prediking tans met die boodskap van inlywing in Christus en vrugte van die Gees. Sonder om eie verantwoordelikheid te verwaarloos.

Op een saak word veral gewys. In die raamwerk van die brief word die



huwelik geteken as 'n afskaduwing van die verhouding tussen Christus en sy gemeente. Sowel voue as mans word hierin sterk aangespreek. In die eerste hoofstukke het geblyk dat die Christus gekom het om verhoudinge te vernuwe. Om alles weer onder een Hoof te verenig. Van daaruit moet die lewe gaan bloei. Nou, watter verhouding in hierdie wêreld is intiemer en meer grondliggend as die huwelik?

Ander verhoudings soos tussen ouers en kinders en slawe en hul base word ook genoem. Juis in die herstel van hierdie verhoudings blyk die verlore lewe. Dit hang saam met die vyfde gebod wat die eerste (klas, graad) gebod met 'n belofte genoem word. In 'n rewolusionêre tyd moet ons dit goed besef.

**Blywende stryd**

Is met die oorwinning van Christus en ons geloof in Hom alle stryd en moeite verby? Sekerlik nie! Die apostel Paulus roep in die laaste hoofstuk van hierdie brief op om die hele wapenrusting van God aan te trek. Stryd sal daar altyd bly. Die Satan gaan rond en probeer om die kerk te verlei. Ons stryd is teen die wêreldheersers van hierdie eeu; die bese geeste in die lug. Orals is verleiding en aanval.

Maar God self wil ons van 'n goeie wapenrusting voorsien. Trek daardie wapenrusting dan ook aan! Efesiërs 6 is 'n baie bekende hoofstuk. Laat dit nie net in teorie so wees nie. Mag die HERE daartoe die bereidheid van die evangelie gee. ✠